

# DIE OES

Sendingtydskrif uitgegee deur die Sinodale Sendingdeputate
GEREFORMEERDE KERK
Jaargang 3 JUNIE 1960 Nr. 6

# DIE OES

Jaargang 3. Nr. 6.

Junie 1960.

Uitgegee deur die Sinodale Sendingdeputate van die Geref. Kerk in S.A

**Redaksie:** Prof. H. du Plessis (redakteur), mnr. H. B. van der Walt, ds. J. L. Vorster.

**Administrasie:** Ds. D. C. S. van der Merwe, prof. H. du Plessis en mnr. H. B. van der Walt (sekr.).

**Alle aartikels en foto's** moet gestuur word aan: **Posbus 2031, Noordbrug.**

**Alle intekengeld, advertensie-navrae en adres-veranderings** moet gestuur word aan Die Adm. DIE OES, Posbus 2031, Pk. Noordbrug. Potchefstroom

Intekengeld 5/- per jaar, vooruitbetaalbaar.
Die blad verskyn sesmaal per jaar.

DIE BYBEL IN BANTOETALE!

★ SUTO
★ CHUANA
★ XHOSA
★ SEPEDI (N. Suto)
★ ZULU

in netjiese harde band
Prys per eksemplaar
7/-

Verkrygbaar van:

PRO REGE-PERS BPK.

Posbus 343 — Foon 1164 & 497 — POTCHEFSTROOM

## Redaksioneel

# DIE SENDING IN DIE GEDRANG?

Die sending kan op verskillende maniere in die gedrang geraak waardeur die voortgang van die arbeid tot uitbreiding van die koninkryk van God gestrem word. So kan die onchristelike voorbeeld van blankes nie-blankes afskrik om christene te word. Deur die hartelose optrede, onsedelike en ongelowige lewe kan dan die naam van Christus gelaster word en kan nie-blankes tot struikeling kom.

Dieselfde kan gebeur as blanke lidmate teen die sending gekant is waardeur hulle by die nie-blankes die indruk verwek dat die kerk van Christus nie juis hulle bekering en saligheid begeer nie. Dieselfde indruk word geskep as 'n kerk die sendingtaak halfhartig en sonder enige besieling of gewilligheid tot die doen van die nodige offers aanpak. Waar ons reeds 'n geskiedenis van 300 jaar in Suid-Afrika agter die rug het, kan die vraag met reg gestel word of ons in hierdie opsig in alles ons plig gedoen het en nog doen? Die sending kan ook in die gedrang kom deur 'n onchristelike landsbeleid of 'n onchristelike toepassing daarvan, waardeur die menslike in die mens nie tot sy reg kan kom nie, ontwikkeling en vooruitgang gestrem word en die uitlewing van die persoonlikheid in 'n gesonde vryheid so te sê onmoontlik gemaak word of die politieke en ekonomiese ontwikkeling tot selfstandigheid van 'n volk aan bande gelê word.

Die voortgang van die evangelie kan eindelik ook gestrem word deurdat die evangeliewoord nie so gebring word dat dit tot die siel van die Bantoe spreek nie of deurdat 'n kerk voortgeplant word wat in sy gedeeltelik westerse vorm nie wortel kan skiet in die Bantoebodem nie, 'n evangelie en 'n kerk wat dus wesensvreemd is aan die naturel.

DIE CHRISTENDOM GEFAAL?

Nou weet ons dat die Ooste die Christendom ten laste lê dat dit gefaal het omdat dit in verskillende van bogenoemde opsigte nie die menslike en die mens asook die eiesoortigheid van die Oosterling voldoende in ag geneem het en self nie 'n oplossing vir die wêreldprobleme soos die rasse en oorlogsvraagstuk het nie en omdat die blanke verteenwoordigers van die Weste self geen navolgenswaardige voorbeelde is nie en self hulle eie christelike godsdiens groteliks verloën het.

In die oog van die Oosterling het die Christendom om hierdie redes gefaal en daarom keer hy nou na sy eie heidense godsdiens terug, wat nou voorgehou word as die hoop nie alleen van die Oosterling nie maar ook vir die hele wêreld.

En so word daar in Afrika veral die Islam aan die naturelle voorgehou as die hoop ook vir hulle, selfs ook vir dié van die Unie, soos o.a. daaruit blyk dat die Universiteit van Kairo meer as £1 miljoen beskikbaar gestel het vir 'n Mohammedaanse inrigting vir Hoër Onderwys te Durban.

Die naturelle sal dus in die toekoms al meer voor die keuse gestel word: Christendom of Islam. Sal dit dan gesê word dat die Christendom in Afrika gefaal het deur die onchristelike beleid of voorbeeld of optrede van die blankes in Suid-Afrika, en sal die toevlug dan, met die verwerping van die Christendom, geneem word na die Islam, 'n godsdiens wat aanpas by die Bantoe en hulle lewe en geen rasse-onderskeid ken nie?

## GEWETENSVRAE

Ons apartheidsbeleid word vandag deur die hele wêreld voorgehou as die groot goddeloosheid van die wêreld wat uitgewis moet word, saam met of sonder die voorstanders daarvan. Nou hoef ons nie die wêreld te vrees nie as ons in alle opsigte oortuig is dat ons optrede en beleid aan die vereistes wat die Woord van God stel beantwoord nie, en ons kan ook nie die voorgewende mislukking van die Christendom in die Ooste toeskrywe aan God of sy Woord nie. Maar ons sal onsself baie ernstig rekenskap moet gee of ons beleid of die toepassing daaarvan of ons optrede nie sodanig is dat daardeur met reg ons verwyt kan word dat dit in die weg staan van die voortgang van die evangelie en dat die Christendom gefaal het deur ons optrede in hierdie opsig.

Dit is die gewetensvraag waarvoor ons gestel word. Wat ons naturelle beleid betref is dit o.i. prinsipieel te regverdig en ontwikkeling van volke tot selfstandigheid is ook in die lyn van die huidige ontwakingspatroon van die nie-blanke volke. Maar is die toepassing daarvan ook in alle opsigte te regverdig? Dit is 'n vraag waarby ook die kerk belang het en waarop die kerk moet ingaan. Ons mag nie die saak van ons wegskuiwe nie en weier om by die lig van die Woord van God die antwoord op hierdie diep ingrypende en beslissende vraag te vind nie.

Ons sal daarvoor moet waak dat die kerk van Christus en die volk van Suid-Afrika nie ten laste gelê word dat die Christendom gefaal het vanweë 'n onchristelike optrede in hierdie verband nie.

Maar ons sal in die eerste plek tot onsself moet inkeer en elkeen sal hom persoonlik moet afvra of hy steeds 'n christelike voorbeeld is vir die nie-blanke sodat ook daardeur die koninkryk van God uitgebrei word. Is ons waarlik sendingbewus en is ons besiel met 'n heilige drang om die blye boodskap van die koninkryk van God in al sy diep salige betekenis deur ons persoonlike optrede, voorbeeld en woorde te verkondig? Brand ons van liefde vir God om die koningsheerskappy van Christus aan die nie-blankes, met wie ons daeliks omgaan, te verkondig met die oproep dat hulle daaronder in aanbidding buig? *Dat ons sending kerklik is, is mooi en goed, maar dit is alleen waarlik kerklik, as die hele kerk 'n getuiende en belydende gemeente is.*

Sal dit gesê word dat die Christendom gefaal het omdat ons nie 'n christelike voorbeeld was en deur ons louheid, belangeloosheid of selfs onwilligheid die nie-blankes eerder afgestoot as aangetrek het?

Glo ons nog waarlik dat die evangelie die blye boodskap is van verlossing vir die hele lewe en word dit ook so gebring en as die enigste hoop en redding vir die nasies? Ons sal ons baie ernstig moet besin oor die

vraag of ons die Woord van God ook so bring dat dit tot die siel van die Bantoe spreek as 'n boodskap van 'n behaalde blye verlossing vir die hele lewe, as 'n boodskap van 'n koninkrykslewe in die koninkryk wat reeds gekom het. Ook sal die vraag oorweeg moet word hoe opgetree moet word om as instrument te dien om 'n kerk te plant wat waarlik 'n Christuskerk is, onvermeng met Westerse beskawingselemente en wat gewortel is in die Bantoe-bodem, as 'n kerk nie van die Ooste of die Weste nie maar van die Seun van die Mense wat die verlosser is vir en van alle volke.

Sal dit nie later gesê word dat die Christendom in Afrika gefaal het omdat ons 'n boodskap gebring het waaraan ons self maar half geglo het, 'n onbesielde boodskap waarvoor ons maar half onwillig is om ons hele lewe te gee of omdat ons 'n bedekte evangelie gebring het wat nie tot die siel van die Bantoe kan spreek nie, of 'n kerk wat as 'n vreemde instelling met die nasionale ontwaking van die naturel verwerp word? Sal dit dan gesê word dat die Christendom in Afrika gefaal het omdat ons in hierdie opsigte nalatig was?

Dit is die Here self wat ons in hierdie krisistyd voor hierdie allesbeslissende vrae stel. Dit is die Here wat in hierdie tyd weer dringend deur sy Woord tot ons spreek tot verootmoediging en inkeer en opstaan tot die stryd van sy oorwinnende koninkryk.

H.d.P.

Die belangrike artikel in die vorige uitgawe *Bestaan daar Gelykheid in Sowjet-Rusland* is geskrywe deur prof. dr. H. G. Schulze. — Die Red.

# SENDING OP DIE RAND

Dat die sending op die Rand, en dan meer bepaald in die naturelledorpsgebiede van Johannesburg, geweldig uitgebrei het, en steeds nog uitbrei, is iets wat ons met verbasing vul, want as daar ooit 'n plek was waar die Evangelie op dowe ore moes geval het, dan was dit juis hier. Maar tog het dit in die kort tydsbestek van 10 jaar ontwikkel in seker die geskikste gebied vir sending in Suid-Afrika. Sekere omstandighede van die arbeidsveld toon 'n treffende ooreenkoms met die ou heidenwêreld van die tyd van die Apostels, toe die lande wit was vir die oes. Toendertyd was daar 'n ongekende geestelike ontworteling en 'n toenemende ontevredenheid met die verlede. Op 'n fantastiese wyse is die nie-blanke nasies in en om Johannesburg geestelik ontwortel: die voorvaderlike tradisies het net nie meer gestryk met die hede nie. Gedurige en gekonsentreerde kontak met die westerse beskawing het ondubbelsinnig sy merk gelaat. Honderdduisende nie-blankes is op soek na nuwe geestelike sekuriteit. Nie alleen skep dit die broeikas-atmosfeer vir die Evangelie nie, maar ook 'n uiters geskikte jagplek vir Satan met sy bose leerstellings en idees. Met alle mag probeer hy die Evangelie se kragtige werking blus: en hoe ster-

ker die storm, hoe helderder brand die lig. Hierdie hooffaktore skep deur die genade van God, onbeperkte moontlikhede vir die Sending — moontlikhede wat by die eerste aanblik enigeen verslae laat staan.

Ten spyte van die skitterende geleenthede — deure wat wawyd oop staan, is op die Rand slegs 10 jaar gelede begin om die Evangelie konstruktief uit te dra aan die heiden. Die eerste skote van grofgeskut het geklap in Springs, maar langsamerhand het die klem verskuiwe van die Oos-Rand na die Wes-Rand. In hul verslag aan die Sinode van 1949 meld die Sendingdeputate: „Sowel in Klassis Germiston as in Klassis Johannesburg word die gedagte van binnelandse sending kragtig bevorder".

Temeer wek dit nog verbasing dat die belangstelling nou eers begin opvlam, aangesien juis hier groot kampvegters vir die Sending gestasioneer was. Ds. M. Postma het nouliks op die Rand gekom, of hy het die sendingtaak met krag aangepak. Veral die sending onder die Jode het hom na aan die hart gelê, maar hy was ook 'n kragtige voorstander vir sending onder die nie-blankes. Dit het net begin lyk of die sendingarbeid vrugte afwerp, toe die tweede Vryheidsoorlog dit tot 'n skielike stilstand gedwing het. Veral die sending onder die nie-blankes was swaar getref. Na die moeite en opoffering wat ywerige manne hulle getroos het, moes hulle met lede oë aanskou hoe die nie-blankes in steeds groter getalle hulle aan die kant van die Britse magte skaar. Dit was beslis 'n gevaarlike stok in die wiel van die sending, en was die oorsprong van baie bitterheid en vyandskap teen die sending. 'n Tydperk van feitlik volslae stilstand, wat die sending aanbetref, het in die ressort van die Klassis Johannesburg ingetree. In 1948 is 'n sendinggemeente te Springs gestig, en in 1950 een te Brakpan. Terselfdertyd word sending te Benoni aangepak. Maar in 1950 is seker die grootste skuif op die skaakbord van die Sending gedoen, toe Johannesburg-Noord ds. H. du Plessis beroep as Sendingleraar. In Januarie 1951 is hy bevestig, en vir die eerste keer word die Evangelie met mag in die berugte plakkersdorp Moroka ingedra. Die toestande waaronder die nie-blankes gelewe het, was haglik: slordige vuil straatjies, pondokkies van geroesde stukke sinkplaat en goiingsak: 'n plek van ontevredenheid en 'n broeiplek van onheile. Maar wat was die verbasing van vriend en vyand groot toe die Evangelie in hierdie selfde berugte nes oorverdowend weerklank vind! Die reaksie op die Evangelie-boodskap was vanaf 1950 tot vandag so, dat daar eenvoudig nie voorgebly kon word om in al die behoeftes te voorsien nie. Selfs vandag, tussen die netjiese rye huise en die sinlike strate, staan die sending nog steeds onmagtig, om voldoende te gee wat gevra word.

Reeds in 1951 wou die drie-man kerkskooltjie te Moroka uit sy vel bars, met sy 275 leerlinge. In 1955 was daar 500 leerlinge wat in die drie klaskamers onderrig moes ontvang. Die sewe onderwysers was verplig om twee sessies skool te hou. Hierdie pragtige aksie moes ongelukkig doodloop toe die skool aan die Regering verhuur is, en dit 'n staatskool geword het. Daarmee

het die Gereformeerde kerk baie verloor: Christelike onderrig aan die nie-blankes. Vandag is ons meesal houtgerus oor die onderrig aan die nie-blankes, maar die verbloemde gemis aan gesonde godsdiensonderrig op die skole sal nog 'n geweldige boemerang word: nie net vir die blanke beskawing nie, maar ook vir die nie-blanke Christendom.

In 1951 het 150 kinders die Sondagskool bygewoon. In verskeie plekke in die lokasie is dienste gehou. Selfs nog voordat oorgegaan is tot die stigting van 'n gemeente, kon gemeld word dat meer as 200 mense per week die eredienste gereeld bywoon.

Dat die groei fenominaal was, blyk uit die feit dat die getal belydende lidmate van 1951 tot 1955 gegroei het van 0 tot meer as 600, terwyl die dooplidmate op ongeveer 500 te staan gekom het.

Hierdie eerste vyf jare, wat met soveel seën bekroon is, was moeilike jare. Ds. H. du Plessis (tans professor in Sendingwetenskap) moes met sy paar helpers die geweldige gebiede wat nog onbeset was, die een na die ander aanpak. Naas die drukke werkprogram van Sondagskole, katkisasie, Bybelure, J.V., dienste — tydig en ontydig — sendingveldtogte, raadgewing en tientalle ander dinge, moes ds. H. du Plessis nog tyd vind om helpers en predikante op te lei. Hy was verder ook die enigste blanke sendingleraar aan die hele Rand en moes oral met raad en daad bystaan. Geen wonder dat ds. Du Plessis in April 1956 skrywe nie: „Die Here het die werk bo verwagting op wonderbaarlike wyse geseën en hoewel die arbeid altyd maar veeleisend gebly het en baie liggaamlike en geestelike inspanning geverg het, het ons met groot blydskap gearbei".

In 1955 is ds. Du Plessis benoem as voltydse dosent aan die pasgestigte skool vir opleiding van predikante — 'n ander terrein waarop hy baanbrekerswerk verrig het. Hierdie selfde skool is vandag die hart van die hele sendingsaksie in die ressort van Klassis Johannesburg.

Ds. P. G. Geertsema het die teuels van ds. Du Plessis oorgeneem. In die drie jaar wat hy hier gearbei het, het hy verbasend baie gedoen: van die bestaande een gemeente met vier wyke, het die kerk gegroei tot twee gemeentes met 'n totaal van nege wyke. Tot dusver was die hele Sendingaksie, veral om finansiële redes, maar ook weens 'n gebrek aan genoegsame ywer aan die kant van die blanke kerke, klassikaal georiënteer. Ds. Geertsema het die onwenslikheid daarvan terdeë gevoel. Dit was 'n groot sprong vooruit toe hy in sy verslag van 27 Februarie 1958 aanbeveel: „Die groter verpligting (finansieel) wat die kerke sal moet aanvaar, sal hul des te beter op hul kan neem as die bestaande sendingaksie verdeel en aan die verskillende kerke toegewys word". Elke blanke kerk in Klassis Johannesburg het met krag hierdie taak aangepak. Die kleiner gemeentes het 'n kombinasie gevorm om so hul finansiële verpligtinge te bolwerk. Na slegs 'n maand kon ds. Geertsema opmerk: „Hierdie verdeling het vanaf 1 Julie tot stand gekom en die resultaat is reeds sigbaar. Oral begin die indiwiduele gemeentes meer belangstel in die terrein wat aan hulle toevertrou is". Dit was die

groot betekenis van hierdie stap: naas die Klassis het die gemeentes 'n steeds groter seggenskap en verantwoordelikheid gekry — die hele sendingaksie het op 'n nuwe baan begin beweeg .

In Maart 1959 het hy die sendingterrein verlaat, toe hy 'n beroep na Kaapstad opgevolg het. Dit was 'n gevoelige knou, want alles, alles het om die sendingleraar gesentreer. Groot gedeeltes van die verantwoordelikheid van die blanke kerkrade het nog op sy skouers gerus. Sonder die as kon die wiel beswaarlik draai waar hy moes draai. Die 7 maande van vakantskap het swaar getref, maar was tog duidelik 'n bestiering van die Here. Met 'n skok is besef — nadat hy weg was — wat die sendingleraar alles moes doen! Die geweldige organisasie van twee groot gemeentes, onderverdeel in 9 wyke, elk met 'n eie helper, was 'n geweldige las — sodat daar vir studie en praktiese sendingwerk nie veel geleentheid oor was nie. Hierdie toedrag van sake het die Klassis gedwing om die hele aangeleentheid van sending weer onder oënskou te neem. In Oktober 1959 het die Klassis dan ook verskeie besluite geneem, wat as dit goed fungeer, aan die sending nuwe moontlikhede gee. Daadwerklike aandag is gegee aan al die probleme op die terrein van die nie-blanke kerke. Besluit is dat so gou moontlik afgestig word in kleiner gemeentes sodat daar in die plek van die twee groot en moeilik hanteerbare gemeentes, 8 gemeentes kom. Tans staan die potensiaal op 9. Dieselfde beginsel wat ds. Geertsema in sy verslag genoem het, het die blanke kerke self verantwoordelikheid moet neem vir sendingterreine, is nou nog verder deurgetrek. Kleiner gemeentes, losgemaak uit die kombinasie, finansieel gesteun deur die Klassis sal na oorlegpleging selfstandig verantwoordelikheid moet aanvaar in die sendinggebied, want dit word vandag absoluut noodsaaklik dat die blankes meer raad en leiding moet gee, en dat sendingkommissies en kerkrade hulle vergewis van hul taak t.o.v. die nie-blanke kerke. Die organisasie en administrasie van die gemeentes, die verantwoordelikheid van toesig by die dienste en kerkraadsvergaderings, sal dan uit die hande van die sendingleraar geneem word en geplaas word in die hande van die betrokke blanke kerkrade. Ook is besluit om die nie-blanke kerkrade groter seggenskap te gee. Vroeër is feitlik alles deur die sendingleraar, die sendingkommissies en die nie-blanke leraars gereël. Maar hopelik sal dit so verander nadat die Klassisbesluite in werking getree het, dat juis die nie-blanke kerkrade, onder leiding van die sendingkommissies, die inisiatief sal neem.

Op dieselfde Klassis is ook 'n verbete stryd aangeknoop met die groot vyand: Gebrek aan finansies! Die nypende tekort word steeds meer en meer aktueel, sodat die Klassis gedwing word om die nodige fondse ook van buite sy ressort te probeer aanvul. Reeds dra die blanke gemeentes van Johannesburg selfs bo vermoë by vir die sending, dikwels selfs ten koste van andere dinge. Pogings word tans in die werk gestel dat die nie-blanke kerke self steeds meer en meer hul eie finansiële laste dra. Ds. J. H. van der Walt is ook benoem as organiseerder vir die Klas-

sikale fonds en die goeie hoop word gekoester dat die evangelie hier van krag tot krag sal voortgaan. Maar dit is 'n taak wat volvoer word deur nietige mense. Soms lyk dit of die sending te veel vra, maar as dit gaan om die eer van God en die uitbreiding van Sy Koninkryk, dan word al die kragte gevra.

A. P. C. Duvenage.

---

# VRYHEID EN SELFVERTROUE

In 'n verkiesingsveldtog is eenmaal aan wyle adv. Tielman Roos die vraag gestel of hy vir homself gaan stem. „Natuurlik, hoe kan ek dan verwag dat julle dit moet doen as ek dit nie self wil doen nie". M.a.w. mens kan nie verwag dat ander mense in jou vertroue moet stel nie, as jyself jouself nie vertrou nie. Waar dit in die politiek altyd 'n stryd is om die besit van die mag, is dit dan noodsaaklik dat die politikus, wat die mag wil verower of behou, *in homself* die krag en mag innerlik moet besit, en moet besef dat hy dit besit. By diegene, wat nie Christelike ootmoed en besef van eie swakheid ken nie, ontaard dit dan alte dikwels tot luidrugtige selfaanprysing en selfverhoging. Die hardste skreeuer probeer dan op die wyse die grootste leier te word — en slaag nogal dikwels daarin, al is dit net tydelik. Die ellendes, waarin hy en sy volk verkeer, die tekortkominge wat hy by homself aanvoel (maar gewoonlik glad nie uitspreek nie) en ook by sy volk merk, word dan alles ten laste gelê van een of ander onderdrukkende of/en verdrukkende vyand. Hierdeur word die groot kreet en eentonige slagspreuk maar altyd net weer „Vryheid" en nogmaals „Vryheid".

Dit is dan ook vandag die kreet en slagspreuk van Afrika, en van sy vele vryheidsleiers. Die Bantoe moet vrygemaak word en dan sal alles in Afrika weer 'n ware paradys word. Die Westerse nasies voel dat dit 'n goeie en suiwer saak is, maar is tog ook weer huiwerig om meteens afstand te doen van alle koloniale seggenskap, voordele en voorregte. Daarom word allerlei planne en weë bedink en uitgevoer om by die uiteindelike bestemming te kom sonder te veel ontwrigting, ellende, sakeverlies en -skade. Oor die verskillende metodes en maniere van optrede word daar heeldag dwarsoor die wêreld oneindig baie rusie gemaak, want die een beskuldig die ander van verdrukking en glo dat sy eie weg die enigste ware is. Dit kan ook nie anders, want by niemand is daar werklik duidelikheid oor die einddoel en -bestemming van Afrika en sy Bantoe nie.

So is die Kongo besig om die hele wêreld baie duidelik te toon dat die Belgiese gedagte van ekonomiese vryheid en ontplooiing heeltemal onvoldoende is om die siel van die vryheidsoekende Bantoe te bevredig. Alte skielik het België weer omgevlieg en politieke vryheid in sy geheel aangebied en

gegee. En nog is daar geen rus in die Kongo nie en hoor ons van geen enkele Bantoe wat nou vry en veilig voel om sy menswees ten volle uit te lewe nie.

So spartel en spook hier by ons in Suid-Afrika liggame soos die A.N.C. en P.A.C. met hulle bondgenote vir die volledige politieke vryheid van ons Bantoe. Baie van die gematigde en ook Christelike nie-amptelike leiers van die Bantoe, en ook meeste van ons eie mense, is ook oortuig dat die vryheid die reg van die Bantoe is en dat dit so gou doenlik moet kom. Dit is ook die strewe van ons regering in sy beleid van Bantoetuislande. Maar die vraag bly: al sou die regering dit vandag sover moontlik en so gou moontlik selfs *in* die blanke gebiede wil gee, op die grondslag van apartheid, sal die Bantoe werklik tevrede wees en vry voel? Is politieke vryheid genoeg, diep en vol genoeg om die hele mensesiel te bevredig en tot rus te bring, sodat hy nie soos 'n swart vulkaan telkens onverwags uitbars nie, tot verbystering en verplettering van selfs sy eie leiers?

Is hierdie onredelike en onbeheerbare uitbarstings van vernielsug en moordlus slegs toe te skryf aan die primitiviteit en onbeskaafdheid van baie Bantoe? Is dit slegs 'n Bantoeprobleem en 'n kwessie van donker Afrika? Nee, hier kom ons by die diepste van die mens, sy godsdiens, die *semen religionis* wat moet ontplooi deur die Woord en Gees van God tot die ware, volle geloof in Jesus Christus, of anders moet ontplof in diens van die anti-Chris, met sy valse godsdiens en skynkerk. Hierin is die Bantoe net sulke mense soos die fynbeskaafdste Westerlinge: die een moor met die mes en die ander met die woord, maar albei is eweveel moordenaars, want hulle is kinders van hulle vader, die mensemoordenaar van die begin af, die vader van die leuen, wat die waarheid nie ken nie. Albei soek vryheid, hoewel daar ietwat verskil van metode is, vryheid van verdrukking en onderdrukking, vryheid van gesag en orde. In één koor sing hulle: „Laat ons hulle bande stukkend ruk en hulle toue van ons afwerp"; sommige sing met begeleiding van trommelslae in die oerwoudnag, ander met die fynste en substielste musiekkomposisies. Albei soek vryheid na buite en albei wil hê die wêreld moet hulle vertrou en vir hulle stem, maar albei kan nie sover kom om sigself te vertrou nie, want diep in sy siel sidder en beef hy van angs voor die Heilige, wat hy dikwels ontken maar nie kwytraak nie.

'n Groot Amerikaanse leier het gesê: „Men are governed by God or ruled by tyrants." Dit geld vir wit en swart, in die oudste en fynste kultuur en in die grofste barbarisme. Die veelgeroemde demokrasie kan alleen bestaan waar daar in 'n volk genoeg mense is wat deur God regeer word, anders kom daar tirannie, hetsy openlik of bedek, in elk geval. Daar moet genoeg mense wees wat vry is, in hulle diepste wese, omdat hulle slawe is van Jesus Christus, mense wat die waarheid ken en in die waarheid lewe, en daarom nie verlei word deur die krag van die dwaling nie, mense wat op God vertrou en daarom menslikerwys gesproke, ook 'n ware, gesonde en kragtige

selfvertroue het, mense wat, hierom, hulleself kan beheer en daarom ook ander kan regeer indien daartoe geroep. Die mens, wat 'n slaaf van ander mag wees, hetsy deur verowering of deur sy eie swakheid, is in die eerste plek slaaf van homself, van die sonde en van Satan. *Hierdie* slawebande moet eers verbreek word, en *dan* sal die ander vanself versmelt, soos in die geval van Onesimus in die Skrif.

'n Mens kan 'n ander mens netsoveel vryheid en vryhede gee as hy wil, as hy nie vry is in Christus nie, bly hy 'n slaaf al word hy koning van die hele wêreld. Daarom kan die *mens* Afrika en die Bantoe se probleme nie oplos nie, die mens kan nie vryheid gee of bring nie, slegs God kan vryheid gee en skenk deur Sy Woord en Gees; nie die blanke, nie die Bantoe sal vryheid en selfvertroue en daardeur rus en vrede in Afrika bring nie, slegs God kan dit skenk, en Hy gee dit deur Sy *bevel* aan ons: „Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, . . . en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het".

„Aan My is gegee alle mag in die hemel en op die aarde". In Jesus Christus is alle mag gekonsentreer; Hy skenk aan ons en aan die Bantoe, aan alle sondaars wat in Hom glo, mag en krag, „gesonde selfvertroue", eintlik Godsvertroue, om te doen wat Hy ons opdra en in Sy naam te oorwen en te verower. Dit is die enigste ware vryheid, vryheid in sy volheid en diepte wat die mens waarlik mens maak, hetsy swart of wit of geel. En dit is alleen dié vryheid wat rus en vrede kan bring, ook in Afrika.

D. C. S. van der Merwe.

---

# *WILDEBEESPAN VORDER*

Die sendingwerk van die gemeentes Klerksdorp en Stilfontein het oor die naweek van 30 April-1 Mei 'n geseënde hoogtepunt bereik. Enkele jare gelede het oudl. J. L. Myburgh by Wildebeespan, destyds nog in die gebied van die blanke gemeente Klerksdorp, met die gedagte van sending begin. Toe daar naby die nuwe dorp Stilfontein 'n nie-blanke plakkersdorp op die plaas ontstaan het, het oudl. Piet Venter hierop voortgegaan en vir die volk, ook op hulle eie versoek begin diens hou. Die kerkraad van Klerksdorp het dit as sy sendingtaak aanvaar en begin 1957 is die werk verder aangevoor met behulp van 'n helper, Josef Olifant, uit Potchefstroom. Nadat Moruti Maas vanuit Potchefstroom ook kom help het, het die eerste groep van ongeveer 25 Bantoes aan die begin van 1958 belydenis afgelê en 'n wyk geword van die nie-blanke gemeente van Potchefstroom. Aan die einde van die jaar kon hulle afstig tot 'n eie gemeente, Wildebeespan. Vanaf die begin van daardie jaar is Otniel Motsoane, as helper aangestel, en het Klerksdorp- en Stilfonteingemeentes aangesluit as samewerkende gemeentes by die Potchefstroomse gemeentes en is daar-

deur gereël dat ondergetekende as sendingleraar ook daar behulpsaam sal wees. Die helper het aangesluit, nadat hy in sy vroeëre kerk vanweë gesondheidsredes geëmeriteer is na baie jare getroue diens as evangelis. Hy het met 'n pragtige getuigskrif van sy kerk oor sy persoon en werk by ons begin. Wonderbaarlik het sy gesondheid volkome herstel en is hy toegelaat om by Dube klas te loop om predikant te word op sy oudag. Eenmaal per week het hy Johannesburg toe gegaan om eers onder ds. Du Plessis en later onder ds. Botha gedurende 1958 en 1959 klas te loop. Op aanbeveling van Moruti Matklakala en van sy medestudente, is deur die sendingkommissie aansoek gedoen dat hy toegelaat word as predikant, na aanleiding van art. 8 K.O., d.w.s. sonder om die volle vier jaar studie te voltooi. Die werk het intussen baie mooi gegroei sodat daar tans ongeveer 80 belydende lidmate in die gemeente is. Aan die begin van hierdie jaar het hy in die ondersoek voor die Sinodale Sendingdeputate geslaag, en is hy deur die gemeente Wildebeespan beroep.

Op 30 April is hy in sy amp deur Moruti Matklala bevestig in die skoolgebou op Wildebeespan. Baruti Maas (Sannieshof), Mahole (Lichtenburg) en Seadira (Potchefstroom) was ook teenwoordig, met 'n hele aantal van hulle gemeentelede. Sondagmôre het hy sy intreepreek gehou.

Die Sendingkommissie het intussen aansoek gedoen vir 'n perseel in die nuwe lokasie wat vir Stilfontein gebou word. Met die N.G. Kerk is ooreengekom dat albei kerke daar sal werk, parallel naasmekaar, aangesien albei se nieblanke gemeentes na die nuwe lokasie verskuif sal word. Om 'n goeie gees ook tussen die nie-blanke gemeentes te bevorder, het dié twee kerkrade ook op Springvale (waar tans die N.G. Kerk is) op 23 April ontmoet. Daar is ooreengekom om nie mekaar se lidmate af te rokkel nie, maar om veral op die heidendom te konsentreer. So gou moontlik sal die sendende gemeentes Klerksdorp en Stilfontein nou daartoe oorgaan om 'n kerkie op te rig. Die nie-blanke gemeente het ook alreeds begin met hulle eie insameling vir die boufonds, en dra ook soveel moontlik by tot die onderhoud van hulle herder en leraar, wat nou na soveel jare sy ideaal bereik het nl. om bedienaar van die Woord te wees.

Aan God alleen die eer en dank vir die groei en vooruitgang en ryke seën op die werk, wat veral opvallend is omdat dit plaasgevind het terwyl van die oorspronklike sendende gemeente, Klerksdorp, 'n nuwe gemeente Stilfontein afgestig is, 'n gemeente wat self van voor moes begin sonder enige geboue of eiendom.

D. C. S. van der Merwe.

# *Geref. Sendingkerk Phillipstown*

(Prof. dr.) H. S. SCHULZE.

In 'n klein gemeenskap, ook wat nie-blankes betref, is hier tien kerke en sektes. Onder hulle neem die kerkie van die Geref. sending 'n beskeie plekkie in.

Sover bekend dateer die oorsprong van die gemeente in die vroeë veertiger jare. Maar reeds tevore was daar evangelisasie onder die nie-blankes. Ds. T. Hamersma het nl. in die tronk gaan dienste hou. In ds. H. S. van Jaarsveld se tyd het 'n groepie hulle herder verloor, en hulle toevlug geneem na die Geref. Kerk. In die acta van die Gen. Sinode 1942 word aangehaal uit die handelinge van die Part. Sinode Kaapland. „Hy het dit ernstig opgeneem, nieteenstaande gevorderde jare, ten spyte van weer en wind, het hy getrou sy werk gedoen". Al gou lees mens van ses katkisante vir aflê van belydenis van geloof, en kort daarna weer van ses. En so hou dit maar aan. Maar wat word van hulle almal? Ek het gesê baie trek weg, ander verloor sommer. Tog hou die werk aan. Die ewigheid sal openbaar wat die vrugte is. Een van die komm. het eendag gevra, seker maar om te pla, of die oefenaar hulle ook die leer van die uitverkiesing onderwys. Hy doen dit, maar dit gaan ook maar swaar.

As kommissielede het met verloop van tyd gedien die broeders I. D. Vorster, wat ook die meeste van die tyd gedien het as skriba, H. S. Jooste, P. v. d. Heever, P. Viljoen, D. J. v. d. Linde, en D. H. Cilliers.

Die finansies van die gemeente het gereeld en goeie aandag geniet. Daar is bygedra met verkopings, met traktemente, nl. sikspens per lidmaat per maand, maar dit het ook maar kwalik gegaan, die deurkollektes het vir die armes gegaan, verskillende begunstigers het mooi bygedra, en veral moet die naam genoem word van wyle br. P. Hamersma. Die Sendende Gemeente en die Klassis het dit moontlik gemaak om gereeld 'n oefenaar in diens te hou. Die mense het soms op eie koste dingetjies gedoen of betaal om te laat doen. Aanvanklik is gebruikgemaak van die Posspaarbank, maar later is 'n eie rekening begin by die bank. Telkens doen hulle ook maar hulle bes om die gebou te herstel, en te meubileer. Bydraes van blankes het baie gehelp.

Die ou lidmaatregister is verwyder deur die vorige naturelleleraar, boeke moes weer aangelê word vir registrasie van lidmate, doop en so meer. Lidmate is nie so maklik opgeneem nie. Ingeval daar nie sertifikate getoon kon word nie, moes daar behoorlike getuienis wees. Ingeval dit nodig blyk is ook verder onderrig gegee, en is die applikante aan 'n proeftyd onderwerp. Daar is sprake van „degelike voorlopige ondersoek".

Teenoor die onderwys is die kerkraad goedgesind, en het by wyle selfs sy kerkgebou beskikbaar gestel. Maar hulle het met verloop van tyd al huiweriger geword, want die huur word nie gereeld betaal nie, en die gebou word soos verstaan kan word beskadig.

Mens kon hier en daar aanhaal wat interessant is, maar uit die aard van die saak sal dit nie vanpas wees nie. Dit het my opgeval dat oudl. K.J. 'n vergadering sluit met 'n „roerende gebed". en die volgende keer het die diaken weer gesluit, maar dit word nie gemeld of die gebed roerend was nie.

Daar was teleurstellings. 'n Diaken het hom skuldig gemaak aan ontug, en word gevra om hom van die sakrament te onthou, „met die oog op opskudding en beroering in die gemeente en ontheiliging van die sakrament". Hy vra ontslag. Hy word weer herstel hy is aan, weer af, aan, af, . . . . , drank het baasgeraak, en, volgens ek verneem, het hy met so 'n drinkgeleentheid 'n geweldadige dood gesterf.

'n Ouderling het moeilikheid in sy huis, en telkens moet 'n komm. gaan help. Hy het selfs ontslag gevra, maar die kerkraad het beskou hy is onskuldig, en hy het aangebly. Later het dit beter gegaan, hy het met seën gearbei, en het in die tuig gesterf.

Venterstad sal D.V. binne afsienbare tyd beroep. Dis 'n sterk vesting, en daar is beter vooruitsigte. Dan kan hierdie gemeente van daardie kant bedien word, en wel deur hulle eie mense. So is dit beter. Die blanke kan net help om te begin en vaderlik te adviseer. Daar kom al meer arbeiders van hulle kant in die veld. Ons moet glo, dit is van die Here. Hy sal die weg vorentoe oopmaak.

JACS. VAN ROOY.



*'n Katkisasieklas van die Sendinggemeente van Sannieshof met hul onderwyser en br. en sr. G. A. van der Walt*




## TUMELO EA BAKRESTE

**(Geloofsleer van die Christene)** word uitgegee deur die Sinodale Sendingdeputate. Dit bevat onder andere hoofstukke oor Christelike Geloof (Tumelo) Koninkryk van God (Muso oa Molimo). Koninkryk vir nuwe mense, armes van gees, ens.

**Prys 5/6**

**Opgestel in SOTHO**

deur

Ds. Hugo Du Plessis

---

MET DIE KOMPLIMENTE VAN

# NEWCLARE SMELTING WORKS (EDMS.) BPK.

**LEWERANSIERS VAN**
**YSTER- EN STAALPRODUKTE**

Eloffstraat Uitbreiding 204

JOHANNESBURG

Tel. 33-0951/5 Posbus 2482






puik werk . . .
gedaan deur
**BAKKER & GRIFFIOEN**
die staalkonstruksie-spesialiste

**Bakker & Griffioen (Edms.) Bpk**
Ontwerpers, Vervaardigers en
Oprigters van Staalkonstruksies
Maraisburgweg 17, Industria-Wes,
JOHANNESBURG.
Posbus 17, Industria. Tel. 35-5538/9
Telegramme: „BAKGRIF".






Gedruk deur Potchefstroom Herald (Edms.) Bpk.



# DIE OES


Sendingtydskrif uitgegee deur die Sinodale Sendingdeputate

GEREFORMEERDE KERK

Jaargang 3. AUGUSTUS 1960 Nr. 7.

# DIE OES

Jaargang 3. Nr. 7.

Augustus 1960.

Uitgegee deur die Sinodale Sendingdeputate van die Geref. Kerk in S.A.

**Redaksie:** Prof. H. du Plessis (redakteur), mnr. H. B. van der Walt, ds. J. L. Vorster.

**Administrasie:** Ds. D. C. S. van der Merwe, prof. H. du Plessis en mnr. H. B. van der Walt (sekr.).

**Alle aartikels en foto's** moet gestuur word aan: **Posbus 2031, Noordbrug.**

**Alle intekengeld, advertensie-navrae en adres-veranderings moet gestuur word aan Die Adm. DIE OES, Posbus 2031, Pk. Noordbrug. Potchefstroom**

Intekengeld 5/- per jaar, vooruitbetaalbaar.
Die blad verskyn sesmaal per jaar.

DIE BYBEL IN BANTOETALE!

★ SUTO
★ CHUANA
★ XHOSA
★ SEPEDI (N. Suto)
★ ZULU

in netjiese harde band
Prys per eksemplaar
7/-

Verkrygbaar van:

PRO REGE-PERS BPK.

Posbus 343 — Foon 1164 & 497 — POTCHEFSTROOM

# KERK EN SENDING IN EENHEID EN VERSKEIDENHEID

Kerk en Sending is twee begrippe wat ten nouste met mekaar saamhang. Die een is met die ander gegee. Dit is duidelik reeds in die evangelies. 'n Belangrike deel van Jesus se werksaamheid het volgens die evangelies bestaan in kerkvorming, bv. in die roeping van die apostels, waarin die gedagte van sending opgeslote sit, terwyl hulle terselfdertyd ook die fondament van die Nieu-Testamentiese kerk vorm. Ewewydig met die kerkvorming in die apostolaat loop ook die sendingopdrag. Voor die opstanding van Christus word hulle reeds uitgestuur na die twaalf stamme van Israël (Matt. 10 : 1vv.) en na die opstanding na al die nasies (Matt. 28 : 19). Reeds in hulle ontstaan is kerk en sending ten nouste saamgeweef. Die kerk bestaan met die oog op sending. Sending lei ook weer tot nuwe kerkvorming.

Die goeie verhouding tussen kerk en sending kan van twee kante versteur word:

1. Deur die een van die ander los te maak;
2. Deur die een met die ander te vereenselwig.

1. *Sending los van die kerk.*

Voorbeelde hiervan het ons:

a) In genootskaplike Sending;
b) In sendingbewegings;
c) In interkerklike sendingaksies.

Genootskaplike sending, soos ons daarmee kennis gemaak het veral in die vorige eeu, noem ons slegs om by alle besware wat daarteen ingebring kan word, te wys op die wortelbeswaar, dat dit skei wat Christus van die begin af saamgevoeg het. Natuurlik is die sendingopdrag nie tot die kerk beperk nie. Ook die gelowige is, in sy amp as gelowige, tot sendingwerk geroep; veral ons as gelowiges, wat in hierdie land die sendingvoorwerpe daagliks om ons heen het. Net die noem hiervan herinner ons aan groot pligsversaking. Kerklike sending mag nooit die van die gelowiges vervang nie. Die gelowige het die reg en voorreg om te gaan waar, en na wie hy wil, sonder dat iemand hom hierin iets kan voorskrywe. Maar, sodra ons kom by georganiseerde sending dan is die kerk daar. In die kerk is die gelowiges georganiseer, ook met die oog op die sending.

'n Ander vorm van sendingaktiwiteit los van die kerk sien ons van tyd tot tyd opkom in allerlei sendingbewegings. As voorbeeld hiervan kan verwys word na die Graham-beweging, al val dit grotendeels op die gebied van evangelisasie. Kenmerkend hiervan is die beweeglikheid, los van die stremmende invloede van die kerk. Maar dit is terselfdertyd ook die swakheid daarvan. So vinnig as wat dit voortbeweeg, so maklik verloop dit weer, soos 'n donderbui wat uitgesak het oor die landskap.

Interkerklike sending hoort ook hier tuis. Dit kan seker die uitstaande kenmerk genoem word van die strewe op sendinggebied in ons tyd. Dit het wêreldformaat aange-

neem in die Intermissionary Council, wat genoem kan word die internasionale sendingliggaam van die wêreldraad van Kerke. Die aantreklike gedagte is hier, dat met betrekking tot die sendingwerk, kerklike verskille tuisgelaat moet word en dat die kerke ten minste daar 'n eenheidsfront moet toon ter wille van die uitbreiding van Gods koninkryk. Ook, dat juis die sendingwerk die kerke met al hulle onderlinge verskille na mekaar toe dwing. Die opmerklike is dan ook dat die I.M.C. aan die W.C.C. vooraf gegaan het en daar in sekere sin geboorte aan gegee het. Ook by ons het interkerklike sending dié aktuele vraagstuk geword op sendinggebied. Dit is die groot saak waarvoor die vorige sinode gestaan het en ook hierdie sinode weer te staan sal kom. Ook van owerheidswee word sterk daarop aangemoedig met die oog op godsdienstige versplintering onder die Bantoe en die vrugbare bodem wat dit bied vir die ontstaan van gesagsondermynende sektes en nasionalistiesgodsdienstige groepe, afgesien nog van die verwarring wat die gedeeldheid op hulle oorplant. Ons het hier met dié stroming van ons tyd te doen. Dit is 'n sterk en, laat ons dit maar erken, 'n baie meevoerende stroom waarvoor skynbaar alles te sê is. Nêrens laat die sondige geskeurdheid van die kerk hom so voel as juis wanneer met hierdie verdeelde front die mag van die heidendom bestry moet word nie. Alles skyn ook daarvoor te pleit dat juis die sending en die jong kerke die ou kerke in hierdie opsig tot besinning moet bring. Die groot vraag is maar of hierdie eenheidsstrewe nie by die verkeerde end begin nie en die eenheid nie al te spoedig sal blyk 'n skyneenheid te wees nie. So los staan kerk en sending nou eenmaal nie van mekaar nie. Soos daar 'n noue samehang is tussen kerk en sending so ook tussen kerkgedagte en sending. Hoe kan daar eenheid wees in sendingwerk by alle verskil in die kerkgedagte by die verskillende kerke? Sending bring by kerkvorming. Hoe sal die inrigting van sulke kerke wees? Kerke staan ook nie los van mekaar nie. Daar moet kerkverband wees en dit ook net in een bepaalde, naamlik die regte, vorm. As daar reeds in hierdie opsig tussen ons en ander kerke ernstige verskille is, wie sal beslis omtrent die inrigting van die te stigte kerk? Met watter van die „moederkerke" sal daar verband wees? Met almal natuurlik. Maar hoedanig sal so 'n verband wees? Dit het gelei tot die gedagte van „Een Bantoekerk"; 'n Bantoekerk wat op sy eie, en los staan van die blanke kerk. Dit is waarop interkerklike sending logies moet uitloop. Dit kom neer op 'n verkeerde toepassing van die apartheidsbeleid op kerklike gebied.

Teen die interkerklike sending kan ook ander baie ernstige, nl. konfessionele besware ingebring word. Dit is hier slegs besien van uit die oogpunt van versteuring van die regte verhouding tussen kerk en sending.

2. *Vereenselwiging (te noue verbinding) van kerk en sending.*

Die goeie verhouding tussen kerk en sending word van die ander kant bedreig deur dit te nou met mekaar te verbind. Hierby staan ons nader stil omdat die bedreiging vir ons kerk en sending juis van

hierdie kant op die oomblik die sterkste is. Hierdie al te noue verbinding aan mekaar kan geskied ten opsigte van:

a) die doel van die sending;

b) die werksaamheid self;

c) die sendingprediking.

Die goeie verhouding tussen kerk en sending word versteur wanneer sending te veel vereenselwig word met die kerk ten opsigte van die doel. Dit is van die allergrootste belang om hier te onderskei tussen kerk en koninkryk. Die kerk is die subjek van die sending, van wie dit uitgaan en nie die objek daarvan, dit naamlik waarop die sending gerig is, nie. Dit gaan in die sending nie om een of ander kerk nie maar om die koninkryk, wat ten nouste met die kerk saamhang maar tog daarvan onderskeie is. Dit is die Roomse gevaar. By die Roomse gaan dit in hulle sending om hulle kerk, want vir hulle is die Roomse kerk die koninkryk van God. Maar in die praktyk word ons Protestantse kerk maar al te veel bedreig deur hierdie Roomse gevaar, selfs in ons bestryding van die Roomse gevaar, d.i. dat dit in ons sending gaan teen die Roomse kerk en *om* ons Protestantse kerke. En, wat van die onderlinge kompetisie selfs tussen ons Afrikaanse kerke onderling op die sendingsveld? Die gevaar van verkerkliking van die sending is hier groot. Dit gaan dan meer om die uitbreiding van 'n bepaalde kerk as om die uitbreiding van Gods koninkryk. Dit sien ons bv. daarin, wanneer die een kerk vir sy sendingwerk afhanklik word van die grasie van 'n ander. Dit is dus nodig dat ons die doel van die sending noukeurig in die oog vat. Die doel van die sending is nie die kerk nie maar die koninkryk. As al die kerke maar net die evangelie van die koninkryk wil bring dan maak dit nie verskil as verskillende kerke dit doen nie.

Die goeie verhouding tussen kerk en sending kan verder versteur word wanneer daar te veel vereenselwiging is ten opsigte van die werksaamheid ten nadele sowel van kerk en van sending. By die sendingwerksaamheid moet duidelik onderskei word tussen die eintlike sending en wat genoem kan word: die opvolgings- of opbouingswerk agter die sendinglinie. Sending in eintlike sin bestaan in die uitdra van die evangelie „van Jerusalem af en, sonder stilstand, altyd verder" (Luk. 24 : 47). Tweede is die versorging en opbouing van die jong gestigte gemeentes in die sendingveld. Hierdie opbouingswerk is noodsaaklik om die sendingwerk nie te laat vervloei nie. Die apostel Paulus stel hier die duidelike voorbeeld met sy sendbriewe en daarin dat hy altyd terugkeer tot die pasgestigte gemeentes. Daar moet omgesien word na die pasgestigte gemeentes. Daar moet veral gesorg word, aanvanklik deur die kerk van wie die sending uitgaan, vir die opleiding van bedienaars van die woord vir die jong gemeentes, en wel, uit hulle eie geledere. So 'n teologiese skool, moet ons nie vergeet nie is (ook aanvanklik) 'n teologiese skool van die „sendende kerk" vir die „sendingkerk", wat deur hulle langsamerhand gehelp dra en mettertyd oorgeneem kan word, altyd nog met hulp van die „sendende kerk" solank dit nodig

is. Maar nou bestaan die gevaar dat die sendingwerk so as 'n eenheid gesien word hierdie versorgingswerk, opleiding, Christelike onderwys, selfs bemoeienis met universiteitsopleiding, alles val onder sending, sodat sending eintlik word die oordra van die christelike beskawing; of, dat die eintlike sendingwerk by dit alles nog ten owervloede bykom. Hierdie verontagsaming van die onderskeiding tussen die tweërlei werksaamheid in die sending, of die al te noue koppeling van die een aan die ander, bevat hierdie groot nadeel vir die sending dat dit lei tot verstarring en tot stremming van die eintlike sendingwerk: die voortgang van die evangelie, des te dringender namate die einde nader. Die regte verhouding moet hier wees, dat die eintlike sendingwerk skerp in die oog gevat word as die primêre en dat daarby na die pasgestigte gemeentes steeds *omgesien* sal word. Maar weer op die voetspoor van die apostel Paulus: Hy sien steeds om na die pasgestigte gemeentes, maar hy moet altyd verder, na ander plekke, na Rome, na Spanje.

Hierdie al te noue koppeling van kerk en sending in ons sendingwerk kom uit in ons, seker van elders ingevoerde, koppelwoord *sendingkerk* of *sendinggemeente*, waar selfs die koppelteken weggeval het. Hierdie koppeling tas nie alleen, soos aangetoon, die sending aan nie. Dit tas ook die kerkgedagte aan. Sending-kerk het tog altyd die betekenis van onvolwaardigheid, van onmondigheid, van onselfstandigheid, eintlik 'n kerk sonder eie kerkregering en -verband. Dit dra die gedagte van voogdyskap uit die politieke lewe oor in die kerk. Die idee van voogdy moet uit ons kerklike lewe weg. Voogdy onderstel onmondigheid (Gal. 4 : 1, 2). Dit druis teen die kerk-gedagte wesenlik in. 'n Gemeente, eenmaal gestig is 'n komplete, volwaardige kerk, gelykwaardig aan die kerk wat dit gestig het. Daar bestaan nie so iets as moederkerke en dogterkerke nie. Daar is een moederkerk, die is Jerusalem wat daarbo is, die moeder van ons almal (Gal. 4 : 26). As daar nog nie ampsdraers gevind kan word, wat bekwaam is om leiding te gee nie, dan moet daar nog nie gestig word nie. As eenmaal ampsdraers gekies is, dan is die kerk 'n volwaardige, 'n selfstandige kerk naas die „sendende kerk". Hier moet weer onderskei word tussen selfstandigheid en onafhanklikheid. Selfstandigheid beteken nie onafhanklikheid nie. Daar is onafhanklike volke maar geen onafhanklike kerke nie. Elke volk het reg op sy onafhanklikheid. Onafhanklikheid oorgedra op kerklike gebied bring by Independentisme. Onafhanklikheid bestaan daar op kerklike gebied nie. Hierin is dit met 'n kerk anders as met 'n volk. Daarom moet ons nie politieke gedagtes indra in die kerk nie. Wat op politieke gebied reg is, is dikwels op kerklike gebied verkeerd. Elke gemeente staan onder toesig van 'n ander. Dit is kerkverband. Wanneer moet daar kerkverband kom? Dit is 'n groot probleem wat saamhang met ons sending-kerkgedagte. Wanneer die „moederkerk" die tyd ryp ag, soos die klassis Amsterdam met ons gedoen het? Nee: Sodra daar meer

as een gemeente is. M.a.w. dadelik. Daar mag, kragtens die eenheid van die Liggaam van Christus, nie mee gewag word nie. Dit is nie 'n saak wat ons moet uitmaak nie. Dit is ons eenvoudig opgelê. Kragtens die eenheid van die Liggaam van Christus moet die kerkverband deurgetrek word, oor die nasiegrense heen, sonder om dit uit te wis. Hier lê vir ons allerlei probleme wat onder oë gesien moet word. Dit is nie hier die plek om dit alles nader uit te werk nie. Dit is in ieder geval die rigting wat ons Geref. Kerk met sy sendingwerk moet uit.

Die gedagte van „sendingkerk" moet wegval. Dit tas die kerkgedagte aan, asof daar onselfstandige en onvolwaardige kerke kan wees. Daarmee val ook die benaming „sendende kerk" weg. Dit is ook 'n toutologie. Sending is met die kerk gegee. Elke kerk is 'n sendingkerk in die sin van 'n sendende kerk. Daarom is dit ook 'n verkeerde gedagte dat die sending so spoedig moontlik oorgedra moet word aan die „sendingkerk". Seker het elke jonggestigte kerk die roeping onder die heidense volksgenote. Maar daarmee is die blanke kerk nooit ontslaan van sy sendingsroeping nie. Sy sending gaan altyd voort, en verder. Sending is gerig op nasies. Daardeur word die evangelie gedra oor die nasionale grense heen (Matt. 28 : 19, Luk. 24 : 47). Daarvoor moet die sendeling die taal leer van die nasie tot wie hy gaan. Wat deur die bekeerde heidene self behartig moet word is die gewone diens van die Woord aan sy volksgenote. Dit is nie die werk van die missionêre-leraar nie.

Die al te noue koppeling van kerk en sending kan ook voorkom ten opsigte van die prediking. Dit kom al uit in ons benaming: missionêre-leraar. Hierdie verbinding het moontlik ontstaan om gelykheid in status van sendeling en leraar tot uitdrukking te bring. Hiermee word egter 'n verskeidenheid van werksaamhede met mekaar verbind, wat verwarrend kan werk. „Herders en leraars" is in die skrif 'n plaaslike amp (Ef. 2 : 11), en as daar dan sprake kan wees van minder en meer, dan moet die gewig eerder val aan die kant van die sendeling, omdat sy arbeidsveld nooit tot 'n plaaslike gemeente beperk is nie. In hierdie opsig staan die sendelingamp nog die naaste aan die apostoliese. In die sending het ons 'n voortsetting van die apostolaat. Die woord apostel beteken ook sendeling. Daar is alles voor te sê om die naam sendeling weer in ere te herstel. Dat ons aan die verwarring nie geheel ontkom het nie is duidelik uit art. 5 van ons sendingorde, waar sprake is van die geval dat „'n missionêre dienaar na 'n blanke gemeente" beroep word. 'n Missionêre dienaar is die sendeling van 'n blanke gemeente. Hy kan maar net beroep word tot leraar van 'n (ander) blanke gemeente.

Veral by die prediking moet duidelik onderskei word tussen die eintlike sendingprediking en stigtingsprediking. Sendingprediking is die grondleggende. Die stigtingsprediking is om die gemeente op te bou in die geloof en moet ook vaste spyse bied (1 Kor. 3 : 1, 2; Hebr. 6 : 1, 2). Verontagsaming van hierdie onderskeiding het 'n nadelige

uitwerking na albei kante. Dit is ons beswaar teen die verkeerde bekeringsprediking, evangelisasie binne die kerk, wat nie die geloof van die gemeente veronderstel nie. Andersyds kan op die sendingveld van die heiden te veel verwag word voordat hy die doop ontvang.

Die onderskeiding van hierdie twee vorme van prediking kom baie duidelik uit in die Nuwe Testament, en is veral in die ondersoekinge van die jongste tyd weer sterk na vore gebring. Die aanvangsprediking van Jesus was sendingprediking. Dit was eenvoudig en kragtig: Die Koninkryk van God is dáár — bekeer julle. Opbouende prediking vind ons in die Bergpredikasie en die Gelykenisse. Daar word ons pas ingelei in die geheimenisse van die koninkryk. Nie andersom nie. In die sendbriewe van Paulus het ons stigtingsprediking, „waarvan sommige swaar is om te verstaan" (2 Petrus 3 : 16). Paulus het inderdaad nie by melk bly staan nie. Dit mog ook nie (1 Kor. 3 : 2). In Handelinge het ons Paulus se sendingprediking. Lees maar Hand. 10 en Hand. 13. Dan val die treffende ooreenstemming met die oudste sendingprediking van Petrus, Hand. 2—5, op. Die ander prediking van Petrus vind ons in sy sendbriewe. By Jesus en die apostels kry ons dus 'n duidelike onderskeiding tussen tweeërlei prediking. Dit sal goed wees om dit altyd weer goed in die oog te vat ter wille van kerkbou en sendingwerk.

Sendingprediking is dood eenvoudig, maar so aangrypend in sy eenvoud. Dit is:

Christus die Seun van God het van die hemel gekom na die aarde. Hy het van God vertel in woord en kragtige, reddende wonderwerke. Hy is deur ons, mense, geneem en doodgemaak. Hy het opgestaan, is terug na die hemel maar Hy kom om te oordeel die wat leef en die wat dood is, met 'n ewige oordeel. Maar daar is genade: Glo in Hom en laat julle doop tot vergewing van sondes in Sy Naam.

Dit is die evangelie; die oorspronklike sendingprediking. Geen geleerdheid, of ontwikkeling, of beskawing, is nodig om dit te begryp nie. Dit is ook nie om te verstaan nie. Dit is om te glo. Hierin het die eenvoudige heiden, soos die kind, eerder 'n voorsprong op die geleerde en ontwikkelde westerling, wat in baie opsigte al by die evangelie verby ontwikkel het (Matt. 11 : 25-27). So word die kerk ook weer gebind aan die uitverkiesing deur die sendingprediking, wat stel voor die eenvoudige evangelie wat maar net geglo óf nie geglo kan word nie.

Duidelike onderskeiding in die prediking tussen die opbouende kerklike prediking en die grondleggende sendingprediking is noodsaaklik vir die sending in sy voortgang, altyd verder. Dit is dringend want die Dag van die Here nader.

W. J. Snyman.

# SENDINGNUUS

Die Sendingklassis het soos ons verneem die 2e en 3e Sept. in Daveyton-naturelledorp (Benoni) vergader. Daar was meer as 30 gemeentes verteenwoordig en as voorsitter het opgetree C. Khoza, die assistent-dosent vir die Teologiese Opleiding. Dit is die eerste keer dat 'n Bantoe as voorsitter van hierdie vergadering optree en hy het die vergadering met groot bekwaamheid gelei en die verrigtinge redelik vinnig laat afhandel.

* * *

Op die 14e Okt. vind daar 'n Sendingkonferensie in Linden plaas by watter geleentheid prof. H. du Plessis D.V. sal optree. Daar sal D.V. ook in Okt. 'n konferensie van sendingkerkrade van Natal en die Vrystaat te Ficksburg plaasvind, die eerste van sy soort in hierdie geweste.

* * *

Ds. Ph. Snyman van Heidelberg Tvl. het die beroep van die gemeentes Krokodilrivier en Rustenburg aanvaar vir die sendingwerk onder die Bawendas van Soutpansberg.

Saam met ds. J. A. van Rooy sal daar dus nou twee missionêre leraars vir die werk onder die Bawendas wees. Dit is 'n gebeurtenis van groot historiese betekenis in ons kerk se sendingwerk en 'n bewys dat ons kerk al meer sendingbewus word. Ons bid die geagte br. sowel as ds. Van Rooy alle sterkte toe in hulle moeilike en opofferende arbeid.

* * *

Met leedwese het ons verneem van die afsterwe van die Bantoepredikant O. Motsoane van Stilfontein en Klerksdorp. Gedurende die kort tydjie wat dit aan hom gegun was om daar te arbei het hy geseënde arbeid verrig en sy gemeente het onder sy leiding al taamlik selfstandig begin optree.

* * *

Die gemeentes van Potchefstroom het besluit om 'n sendingkerk te bou. Die fondament is reeds gelê. Dit word gebou deur naturellebouers en die boukoste word bereken op £3,000. Dit sal 'n mooi en gerieflike gebou wees met toring en alles kompleet. Die argitek is mnr. J. Koelewyn van Johannesburg wat alreeds etlike planne heeltemal gratis van verskillende sendinggeboue in Johannesburg en elders vir ons kerk geteken het.

Op Potchefstroom is daar sowat 30 studente wat help of wil help met die sending, en die susters van Potchefstroom-Noordbrug is ook nou ywerig in die weer om met 'n garagesending vir die bediendes te begin.

Prof. H. du Plessis sal D.V. vanaf volgende jaar 'n praktiese sendingkursus inrig vir die baie jong mense wat so 'n sendingliefde aan die dag lê.

* * *

Daar het 'n boekie verskyn van die hand van mev. M. C. du Plessis, nl. *Ligstrale op die lewenspad*, verkrygbaar by die skryfster, Van Rooystraat 3, Potchefstroom, of by Vanderspoeldrukkery, Bus 374, Potchefstroom. Die Tswana-kopie daarvan is ook nou in die pers. Dit behels enkele van die toesprake wat sy gedurende haar 30-jarige

sendingpraktyk tot vrouens van nie-blanke teologiese studente of ander nie-blanke vrouens in hulle vergaderings gerig het, asook 'n artikel oor wenke vir 'n nie-blanke vrou wat die leiding op vergaderings vir nie-blanke vrouens moet neem.

Dit sal egter ook met seën deur ons blanke lesers gelees kan word. Die prys is 4/6 posvry, of 3/6 per eksemplaar as 12 of meer bestel word.

Ons is bly om op te merk dat *Woord en Daad* ook nou meer aandag gee aan die rassevraagstuk en dat probeer word om 'n prinsipiële beskouing daarvoor te vind.

* * *

Die Redaksie van *Die Oes* wil graag die blad meer aktueel maak en hoop dat ons lesers ook gereeld bydraes met aktuele nuus of ander inhoud wil stuur. Kort artikels van nuuswaarde sal veral welkom wees.

---

# SENDINGPREDIKING EN VEREISTES VIR DIE DOOP

Hoewel die voorafgaande artikel van prof. W. J. Snyman byna die grootste gedeelte van ons beperkte ruimte in beslag neem, het ons vanweë die aktualiteit en die belangrikheid daarvan dit in sy geheel geplaas.

Ons kan hier egter nie oor al die punte wat hy aanraak uitwei nie, en wil slegs baie kortliks een en ander byvoeg by wat hy oor die doop en die sendingprediking sê.

Volgens hom kan daar te veel van die heiden verwag word voordat hy gedoop word. Die hoofsaak is die geloof en geloof kan daar wees sonder om alles te verstaan. Ons is baie dankbaar dat dit hier so pertinent gestel word, aangesien baie van gedagte is dat 'n bekeerling uit die heiden eers die hele gereformeerde leer moet ken voordat hy gedoop kan word.

Aan die ander kant is dit net so waar dat, soos die Heidelbergse Kategismus dit stel, 'n ware geloof ook 'n gewisse kennis inhou. Die doopsformulier vereis dan ook vir die doop 'n besef van sondes, belydenis van boetvaardigheid en geloof in Christus, verder kennis en begrip van die verborgenhede van die doop en 'n mondelinge belydenis waarin rekenskap gegee word van die kennis en geloof.

Volgens die Kategismus en die doopsformulier is geloof sonder enige begrip en kennis dus nie voldoende nie en die vraag kan dus net hieroor gaan watter kennis vir die doop vereis word.

Hieroor vind ons nie veel gegewens in die N.T. nie, maar tog kan uit die sendingprediking van die apostels, veral Paulus, enige gevolgtrekkings hieroor gemaak word. Hoewel ons nie die apostels vandag hierin in alles kan navolg nie, hoofsaaklik omdat vir die naturelle-heidendom en heiden, tot 'n sekere mate 'n ander konfrontering nodig is as vir die konfrontering van die hellenistiese heidendom en heiden van die eerste eeu, vind ons tog in die apostoliese sendingprediking in hooflyne aanduidings vir ons eie prediking.

En nou is ons baie dankbaar dat prof. Snyman dit so pertinent stel dat die sendingprediking van die apostels was die verkondiging van die blye boodskap, van die reeds behaalde oorwinning en verlossing deur Christus.

Dit moet dan ook steeds die kern van alle prediking wees. Die feitlikheid van die behaalde oorwinning en die werklikheid van die koms van die koninkryk van God moet verkondig word. Die sendingprediking moet wees 'n verkondiging en proklamering van die blye evangelie en die koningsheerskappy van Christus. Om die kern van hierdie boodskap oor te dra is nie so 'n moeilike saak nie en daarom kan ook ouderlinge en ander lidmate van die „sendende" sowel as van die „sendingkerk" se dienste onder toesig van die kerkraad hiervoor gebruik word, sonder dat egter die so nodige amptelike prediking hierdeur in die skaduwee gestel word. Maar hoewel die gewone onderskeiding wat gemaak word tussen die apostoliese verkondiging (kerugma) en die leer (didaskalia) wel baie waardevol is, kan die twee tog nooit van mekaar geskei word nie. As ons die sendingprediking net tot die blote verkondiging van historiese feite beperk, beland ons in die voluntaristiese sfeer. Die prediking gaan tog ook oor die woorde van God en die feite moet ook verklaar word en die prediking moet ook 'n appellatiewe karakter dra, 'n dringenste oproep tot bekering wees.

Verder moet die meeste „sendinggemeentes" nog met melk gevoed word.

Naas die onderskeiding van die verkondiging en die leer is daar egter 'n baie ander belangrike onderskeiding in die apostoliese prediking en dit is die tussen die prediking tot heidene aan die een kant en tot Jode en proseliete aan die ander kant. In die laasgenoemde geval het die apostels aangesluit by die kennis van die Jode en proseliete van die O.T., en daarom was dit net nodig om Christus te verkondig as die vervulling van die O.T. en aan te dui hoe dat die Ou Test. in hierdie opsig vervul is (vgl. Hand. 2 : 5, 10 en 13.

Maar hoewel die prediking aan die heidene nie „in oorredende woorde van menslike wysheid nie" (1 Kor. 2 : 2, 3) maar Christusprediking moet wees (1 Kor. 1 : 23), kan daar nie somar in die prediking tot die heiden begin word met die prediking van die Christusfeite nie. So 'n prediking sou in die lug bly hang en geen aansluiting by die heiden vind nie.

Daarbenewens moet daar steeds 'n konfrontering van die besondere heidendom waarmee die prediker te doen het, wees met die Woord van God, en hiervoor is nodig dat die heidendom ook geken word en dat daarby 'n sekere aanknoping moet wees.

So altans het Paulus tot die heidene gepreek. Voorbeelde van sy prediking aan heidene vind ons in sy rede te Listre (Hand. 14) en Athene (Hand. 17). Verder vind ons in enige gegewens hieroor in Hand. 20 : 20-21 (prediking te Efese) en ook in Hand. 26 : 20 en 24 : 24-26.

Hieruit blyk in die eerste plek dat Paulus baie goed op hoogte was met die hellenistiese gedagtewêreld en heidendom van daardie tyd asook dat hy probeer het om daardie besondere soort heidendom te konfronteer met die Woord van God en verder dat hy aangesluit het by wat God

self reeds tot die heidene gespreek het deur sy werke en by wat hulle antwoord daarop was.

Hoewel Paulus se prediking soms onderbreek is voordat hy dit behoorlik kon afrond met die verkondiging van die verlossing, kan die grondskema daarvan, soos blyk uit bogenoemde plekke, volgens dr. J. H. Bavinck in die algemeen as volg gekwalifiseer word: God — bekering — gerig — Christus — opstanding — verlossing. Hierdie grondskema word mooi saamgevat in 1 Tess. 1 : 9-10: „want hulle vertel self aangaande ons watter ingang ons by julle gehad het en hoe julle jul van die *afgode bekeer* het tot *God*, om die *lewende* en *waaragtige God* te dien en sy *Seun* uit die hemele te *verwag*, wat Hy uit die dode *opgewek* het, *Jesus* wat ons van die *toekomstige toorn verlos*".

Ooreenkomstig hierdie grondskema het Paulus nie die Christusverkondiging as sy uitgangspunt geneem nie, maar hy begin om die lewende en waaragtige God te stel teenoor die nietige bedryf van die afgodery. Hierdeur appelleer hy op wat in die heidene openbaar is, soos God Hom in sy werke aan hulle openbaar het. Hy sê vervolgens dat die tye van onwetendheid verby is en dat die nuwe wêreldtyd wat ook die laaste tyd is, aangebreek het.

Die eis tot die bekering van die afgode tot die lewende God ontvang hierop 'n sterk bekragtiging deur die aankondiging van die gerig. Hiermee gaan gepaard sy Christusverkondiging, en die opmerklike is dat Christus aan die Griekse wêreld nie in die eerste plek getoon word as die man van smarte nie, maar as die gevolmagtigde van God in die dag van die oordeel. Hy word voorgestel as die Mens wat uit die dode opgewek is en deur die Skepper van hemel en aarde geroep is om in sy Naam die oordeel uit te spreek. Eers nadat Paulus so die oordeel gepreek het, begin hy om Christus te verkondig as die Verlosser van die toekomende toorn.

Hieruit kan nou die gevolgtrekking gemaak word dat Paulus vir die doop van die Griekse heidene in die reël nodig geag het 'n prediking oor God, die bekering, die gerig, Christus, die opstanding, verlossing; verder het hy die betrokke heidendom gekonfronteer met die Woord van God.

Dit wil nou nie sê dat ons onder alle omstandighede en m.b.t. alle heidene dieselfde metode en skema moet volg nie, maar wat wel duidelik is, is dat daar in die prediking tot die heiden nie volstaan kan word met 'n blote proklamering van die Christusfeite alleen nie.

Tog moet miskien erken word dat in ons sendingpraktyk in die verlede die kennisvereiste te hoog gestel is, en die waardevolle van prof. Snyman se artikel is o.i. veral hierin geleë dat ons daardeur gehelp kan word om die goue middeweg te vind.

Die hoofsaak moet wees die bekering en geloof in Christus, en daarvoor moet die nodige konfrontering met die heidendom plaasvind, en wat betref die baar Bantoe-heiden ag ons vir 'n bewuste geloof en die doop 'n onderrig van min of meer die volgende 'n minimum vereiste: Die skepping, die sondeval, die sondvloed, die toringbou van Babel en die verstrooiïng, die roeping van Abraham, die uittog uit Egipte na die beloofde land, die evangelieverhaal in hooftrekke, die uitstorting van die Heilige Gees en die wederkoms van Christus; verder in hooftrekke enige kennis van ellende,

verlossing en dankbaarheid volgens die Heidelbergse Kategismus wat ook insluit 'n verklaring van die sakramente.

En al kan dit nie altyd alles verstaan word of „in die kop gekry" word nie, moet daaroor tog die nodige onderrig gegee word voordat die heilige doop toegedien kan word.

Die hoofsaak is egter nie verstandelike kennis nie maar bekering tot die lewende God en geloof en vertroue in God. H.d.P.

---

# SELFHANDHAWING, DIE STRUIKELBLOK OP DIE WEG VAN EVANGELIEVERKONDIGING

**deur ds. J. H. van der Walt**

Hand. 8 : 24.

Die geweldige lewenskrag en oortuiging van Saulus van Tarsus het verwoesting gesaai in die gemeente van Jerusalem. Tog was dit die oorsaak dat die Saad van Gods Woord op breër akkers begin val het. Ook Samaria is daarby ingesluit. Gods Woord het diep ingedring, oor die grense heen, in die saailand van die gnostiese godsdiens, wat destyds in swang was in sekere omstreke van Samaria.

Teenoor die Evangelie van die verlossing uit die ellende alleen deur die kruis van Christus het die gnostiese godsdiens gestaan met sy leer van selfverlossing. Sonde is alleen maar swakheid wat die mens aankleef. Ja, dit is 'n tekortkoming aan goddelike krag. Die mens besit goddelike krag uit homself. Hy moet dit net ontwikkel deurdat hy die swakheid, wat hom aankleef, tot niet maak. Deur eie krag en inspanning kan die mens die leer bestyg van heiligheid en goddelike vermoë, om later geroem te word as die krag van God. Dit was die evangelie van die gnostiese godsdiens — 'n evangelie van selfverlossing en selfhandhawing!

Ooreenkomstig hierdie geloof is Simon die Towenaar genoem die groot krag van God. Hy het hoër uitgestyg as al die stryders wat die swakheid uit hulleself wou weer. Na hom is opgesien. Sy krag kon hy tot nut van ander aanwend.

Wat 'n aanwins vir die Kerk en Koninkryk van God lyk dit dan nie ook as Simon gelowig word nie. Die stryd is gewonne in Samaria. Gods Woord het finaal sy intrek geneem. Die wonderbare Evangelie van genade gaan onverpoosd voort. Die mens besef nou dat sonde nie maar net swakheid is nie.

Sonde is 'n ellende waaruit jy jouself nie kan red nie. Dit is ongeregtigheid voor God. Nie alleen is lewensheiliging nodig nie. Regverdigmaking voor God is nodig. En dit bring Jesus. Hy bring versoening tussen God en mens. Die mens kan lewe. Die mens kan heilig wees. Die weg is nie selfverlossing en selfhandhawing nie. Die weg is dié van 'n nederige en ootmoedige

gestalte wat erken dat hy die dood skuldig is en die lewe ontvang slegs deur Gods genade en liefde.

Is dit die weg wat Simon nou bewandel? Nee! Simon beur nog steeds teen die leer van selfverlossing en selfhandhawing uit na heiligheid en afsterwing van die sonde of swakheid in hom. Vir hom het Petrus en Johannes met hulle tekens en kragte 'n veel hoër trap van volkomenheid bereik. Hulle staan hoër as hy op hierdie leer.

Daar wil Simon ook kom. As dit dan nie anders kan nie, moet geld as middel dien om daar te kom. En wanneer hy bestraf word, dan is hierdie man byna wanhopig. Petrus en Johannes se woorde mag bewaarheid word. Hy sal sy posisie verloor en deur ondermynende kragte na benede getrek word.

Wanhoop sidder in hierdie vraag om voorbidding: „Bid julle vir my!"

Die krag en heiligheid, die hoër posisie wat hierdie twee manne beklee, sal hom help dat hy nie na benede tuimel nie.

Nog steeds is dit die Simon van die gnostiese godsdiens. Ootmoed en nederigheid ken hy nie. Die regverdigmaking van die kruis van Golgota wil hy nie. Hy vra ook nie om voorbidding om sy ongeregtigheid nie. Alleen sy heiligheid het hy voor oë. Hy dink alleen maar aan selfhandhawing.

Daarom stel ons Nederlandse Geloofsbelydenis in art. 35 hom gelyk aan Judas, wat verraad gepleeg het teenoor Jesus.

Selfhandhawing stel hom ook vandag teen die Evangelie van die kruis van Golgotha. Dit vorm nog steeds 'n struikelblok in die voortgang van die Evangelie — 'n struikelblok in die weg van Gods Koninkryk. Dit openbaar hom by die heidendom op verskeie maniere. Dit openbaar hom ook dikwels by die gelowige om sodoende die roeping, wat ons opgelê is deur die Koning van die Kerk, lam te lê.

Sending vra ootmoed, sielsverslaendheid, selfverloëning. Dit eis alles op. Geen reserwe mag voorbehou word nie. *Want:* Dit is 'n stryd teen reservering, 'n stryd teen die selfhandhawing en selfverlossing van die heiden!

Mag die struikelblok by ons ook in die niet verdwyn, sodat die aanvalsfalanks van die Evangelie teen die struikelblok by die heiden suiwer sal wees en in harmonie met Sy daad van selfverloëning.

Deur Gods genade sal die uitwerking nie wees 'n versoek om voorbidding in selfhandhawing nie, maar 'n getuienis soos wat ons het van Paulus:

„Want kyk hy bid!"

---




## TUMELO EA BAKRESTE

**(Geloofsleer van die Christene)** word uitgegee deur die Sinodale Sendingdeputate. Dit bevat onder andere hoofstukke oor Christelike Geloof (Tumelo) Koninkryk van God (Muso oa Molimo), Koninkryk vir nuwe mense, armes van gees, ens.

**Prys 5/6**

**Opgestel in SOTHO**

**deur**

**Ds. Hugo Du Plessis**

MET DIE KOMPLIMENTE VAN

# NEWCLARE SMELTING WORKS (EDMS.) BPK.

LEWERANSIERS VAN
YSTER- EN STAALPRODUKTE

Eloffstraat Uitbreiding 204

JOHANNESBURG

Tel. 33-0951/5 Posbus 2482

Gedruk deur
POTCHEFSTROOM HERALD
(Edms.) Bpk.
Posbus 156, Potchefstroom.



# DIE OES

Sendingtydskrif uitgegee deur die Sinodale Sendingdeputate

GEREFORMEERDE KERK

Jaargang 4. OKTOBER 1960 Nr. 2.

# DIE OES

Jaargan 4. Nr. 2.

Oktober 1960.

Uitgegee deur die Sinodale Sendingdeputate van die Geref. Kerk in S.A.

**Redaksie:** Prof. H. du Plessis (redakteur), mnr. H. B. van der Walt, ds. J. L. Vorster.

**Administrasie:** Ds. D. C. S. van der Merwe, prof. H. du Plessis en mnr. H. B. van der Walt (sekr.).

Alle aartikels en foto's moet gestuur word aan: **Posbus 2031, Noordbrug.**

Alle intekengeld, advertensie-navrae en adres-veranderinge moet gestuur word aan Die Adm. DIE OES, Posbus 2031, Pk. Noordbrug. Potchefstroom

Intekengeld 5/- per jaar, vooruitbetaalbaar
Die blad verskyn sesmaal per jaar.

DIE BYBEL IN BANTOETALE!

- ★ SUTO
- ★ CHUANA
- ★ XHOSA
- ★ SEPEDI (N. Suto)
- ★ ZULU

in netjiese harde band
Prys per eksemplaar
7/-

Verkrygbaar van:

**PRO REGE-PERS BPK.**

Posbus 343 — Foon 1164 & 497 — POTCHEFSTROOM

# DIE EIESOORTIGHEIDSBEGINSEL IN DIE KERK ONDER DIE BANTOES.

## Die behoefte by die Bantoe aan 'n eiesoortige uitdrukking

Hoewel die kerk van Christus ook antiteties moet staan teenoor die Bantoe-wêreld en daar steeds gewaak moet word teen die integrering van die kerk en die godsdiens met die heidendom, moet die kerk, veral in hierdie nuwe tyd van ontwaakte nasionalisme by die naturelle, tot 'n sekere mate 'n eiesoortige karakter dra en moet daar tot 'n sekere mate 'n eie gereformeerde geloofsuitdrukking wees. As dit nie gebeur nie sal die kerk in die nuwe tyd, wat ons reeds betree het, geen toekoms onder die Bantoe hê nie.

Maar ongelukkig word die kerk in Afrika deur die naturelle nog groteliks gesien as 'n vreemde blanke instelling. So beweer prof. A. K. Busia 'n bekende politieke leier, sosioloog en kerkman in Ghana, dat ten spyte van al die invloed wat die christelike kerke uitoefen, hulle nog steeds vreemde instellinge is.

Hierteen ontstaan daar nou veral in die vrygemaakte lande in Afrika 'n groeiende teensin wat veral opvallend is by die jonger geslag naturelle-predikante en ander leidende lidmate, en daar word nou weer gevra wat gedoen moet word om die kerk en christendom tot die Bantoe te laat spreek, nie as vreemde blanke invoerartikels nie maar as iets wat in hulle eie lewe gewortel kan word.

Dat daar 'n behoefte by die naturel is aan 'n eiesoortige uitdrukking van sy geloofslewe, kom weer baie duidelik aan die lig in twee boeke wat ons so pas gelees het. Die een is *Drawn in Colour* deur N. Jabavu en die andereen die baie belangrike en insiggewende nuwe werk van B. Sundkler, *The Christian ministry in Africa*. Die skryfster van die eerste boek is 'n dogter van die bekende professor Jabavu en die tweede die bekende skrywer van *Bantu Prophets in Africa*. N. Jabavu is getroud met 'n Brit en is in Engeland woonagtig waar sy gewoonlik in ontwikkelde kringe beweeg. Sy self is 'n beskaafde en intelligente christelike vrou. Maar ten spyte van dit alles is sy, wanneer sy onder haar eie mense verkeer, weer 'n Bantoe. Dit blyk duidelik uit haar beskrywing van haar besoek aan haar familielede in die Transkei vir die begrafnis van haar broer. In hierdie kring kom tot uiting haar natuurlike Bantoe-geaardheid en mentaliteit. So is dit vir haar heeltemal vanselfsprekend en natuurlik dat sy in die geselskap van mans nie mag spreek voordat sy aangespreek word nie. Die isolering van haar en haar familielede na die sterfgeval in hierdie kring is vir haar heel natuurlik, en die geleidelike ontlading van die droefheid en die spanning en verslaenheid met die dood van die

familielid, die onderlinge christelike vertroostinge — dit alles is nou haar natuurlike klimaat waardeur ook sy geleidelik oorgehelp word om te kom tot stille berusting.

En dan hoe mooi en spontaan en hartlik en beleefd is haar geleerde vader se optrede teenoor die eenvoudige naturelle. As 'n vader beweeg hy onder hulle en spreek hulle toe op eg Bantoewyse.

Die tweede hierbo genoemde boek is die vrug van wetenskaplike navorsing en dit beantwoord dan ook in alle opsigte aan die wetenskaplike vereistes. Dit handel oor die noodsaaklikheid van naturellepredikante in Afrika, die naturellepredikant in die nuwe Afrika, die predikant en sy medewerkers, die predikant se opleiding en die wenslikheid van 'n selfstandige teologiese ontwikkeling in Afrika. Die skrywer beklemtoon telkens die noodsaaklikheid van 'n pastoraat, prediking, liturgie e.d.m. wat waarlik tot die siel van die Bantoe moet spreek en waardeur hulle op die regte wyse benader moet word. Oor dit alles is die boek baie insiggewend, en niemand wat enigsins met gesag oor die teologiese opleiding van die naturelle en die ander genoemde sake wil spreek, sal hierdie boek ongelees kan laat nie.

'N EIE TEOLOGIE?

Besonder belangrik is ook wat die skrywer te sê het oor die besondere probleme waarvoor die Bantoe-teologiese denke geplaas word en waarin Bantoe-teoloë die weg sal moet vind. Hoewel ons nie in alles met hom kan saamstem nie, lê die groot waarde van sy werk in hierdie opsig daarin dat hierdie probleme baie helder deur hom gestel en aangevoel word. Volgens hom vind die Bantoe beter aansluiting by die Ou Testamentiese voorstellinge en die Hebreeuse denkwyse en uitdrukkinge as by die Westerse intellektualisme en individualisme. Verder spreek die kerk as die organiese volk van God, die liggaam van Christus beter tot hulle as tot die individualistiese Westerlinge.

Wat die besondere teologiese probleme betref, wil dit volgens hom voorkom of die twee fokusse van die teologiese denke in Afrika die begin van die mensheid en van die kerk van God *en* die gemeenskap van die lewendes en dooies is.

Die christelike Bantoe is baie geïnteresseerd in die begin van die volk van God.

Dit word ook opgemerk in hulle prediking. Vir hulle is die ou Testament deel van hulle eie lewe waarvan die begin gesien word in Adam, Abraham, Moses e.a.

Hulle is deel van wat van die begin was. Adam, Abraham, Moses, die uittog uit Egipte e.d.m. is argetipes van wat van die begin daar was. Daaraan moet in die prediking gedenk word. Om te onthou, te gedenk, in herinnering te roep as 'n lewende werklikheid is fundamentele uitdrukkinge in hierdie teologie, en die ou Testament is nie net 'n boek van studie of vir naslaandoeleindes nie. Dit is 'n bron van gedagtenis. Die prediker en sy gemeente behoort by dit wat van die begin was. Hy en sy mense is nie meer droë afgekapte takke nie wat sonder verband is nie. Hulle behoort by die oorspronklike boom en is daarin ingeënt.

Dit is dus begryplik waarom die christelike naturelle gewoonlik so 'n belang stel in die Ou Testamentiese Openbaringsgeskiedenis en waarom die predikers gewoonlik teruggaan tot die begin. 'n Tipiese voorbeeld van so 'n prediking gee ons op 'n ander plek in hierdie uitgawe.

Oor hierdie en ander sake kom aan die lig in embrioniese vorm 'n eie teologiese denke by die Bantoe. Die naturelle wil nie meer dat ons in alles vir hulle moet dink nie. Ons sal meer werk daarvan moet maak om in te lewe in hulle probleme en probleemstellinge, in wat hulle self daaroor dink, en ons sal moet probeer om op 'n simpatieke wyse hulle te help om tot 'n eie gereformeerde geloofs- en kerklike uitdrukking te kom.

As ons dit nie wil doen nie en in alles maar net so oorgee wat ons self het en dink, vrees ons dat by hulle 'n sinkretistiese christendom of heidendom ontwikkel kan word. Daarom is reeds nou in hierdie opsig positiewe en simpatieke hulp en ook leiding nodig.

H.d.P.

---

## INTERKERKLIKE SAMEWERKING I.V.M. DIE VERTALING VAN DIE BELYDENISSKRIFTE.

Na aanleiding van 'n vroeëre aanbeveling van verteenwoordigers van die drie Afrikaanse kerke en 'n onlangse besluit van die sendingdeputate van ons Algemene Sinode is op 'n vergadering van die Raad van N.G. sendingkerke en verteenwoordigers van die sendingdeputate besluit om in samewerking met die Hervormde kerk die drie formuliere van eenheid te vertaal in die volgende sewe Bantoetale: Sotho, Noord-Sotho, Tswana, Venda, Xhosa, Zulu en Thonga.

Vir elke taal is daar 'n vertaalkommissie met die reg van koöptering benoem.

Ons verwelkom hierdie besluit en is dankbaar dat hiervoor die nodige samewerking verkry is en dat die kerke onder die Bantoes daardeur in die geleentheid gestel sal word om met ons belydenisskrifte in hulle eie tale op hoogte te kom.

# DIE SWART SPIES VAN NOORD-AFRIKA.

(deur ds. J. v. V. du Plessis)

*Ef. 6 : 11: „Trek die volle wapenrusting van God aan".*

Die swartgedrukte koerantopskrifte en die hooftrekke van die nuusbulletins oor die radio was die afgelope tyd net: Kongogebeure. In die versengende sonlig daarbo in Midde-Afrika skitter die swart spies onheilspellend. Blankes is verjaag en vermoor, plase waar jarelange arbeid aan bestee is en baie geld in belê is, is verwoes, sendelinge is nakend deur die strate gejaag — 'n regte chaos.

Ons gelowiges voel bekommerd. Die vingers van die Antichris begin knellend om die ou wêreld 'n vaster greep te kry en sy handpalm skuif nader na ons kontinent. Net die twee Rhodesiës skei ons van daardie landstreke; ons het self ons swart hordes, wat gaan gebeur?

Gods Woord bring die troos. Bokant die glimmende swart spies skyn die skitterglans van die kruis van Jesus Christus. Aan die kruis hang Een wat oorwinning uitroep. Die swart spies sal nie oorwin nie maar die kruis van Jesus Christus sal oorwin. Trouens, toe Hy uit die graf opgestaan het sonder dat die wagte dit bemerk het en lewend aan sy dissipels verskyn het, toe Hy lewend na die hemel opgevaar het, het Hy klaar sy oorwinning aangeteken. Nou, tydens hierdie gebeure, troon Jesus Christus, die oorwinnaar, aan die Regterhand van Sy Vader. Niemand sal die gelowige skei van die liefde wat daar vir hom in Jesus Christus is nie. Waar gelowiges en blankes verjaag word, is dit slegs die wanhoopskreet deur Satan op die ramshoring. Christus Jesus se oorwinning is in die wolke van die hemele aangeteken. Die gebeure in die Kongo gee slegs die kruis van Jesus Christus nuwe gestalte en laat die kerk, die liggaam van Christus, al harder roep dat Hy Sy uitverkore volk sal kom haal om ook te wees waar Hy is; laat die gelowige kind van die Here sugtend smag na Sy spoedige wederkoms.

Die Woord van God bring ook verantwoordelikheid. Die Kongogebeure laat Gods Woord ook sy klank harder hoor: Trek die volle wapenrusting van God aan en neem in jou hand jou swaard: Gods onfeilbare Woord. Die swart spies kan die liggaam deurboor. Gods Woord kan deurdring tot die skeiding van siel en gees. Gods Woord teken die ewige oorwinning aan oor Satan en sy trawante. Nou is die tyd dat Gods Woord op alle terreine en veral teenoor ons nie-blanke skel moet weerklink. Om te verhoed dat die Kongo-gebeure homself in S.A. herhaal, sal die gelowige sy plig moet vervul nl. die skoene vir die bereidheid vir die evangelie aantrek en sendingwerk intensief aanpak. Sonder vrees. Hy is goed geharnas met sy volle wapenrusting deurdrenk met die oorwinnaarsbloed van Jesus Christus. Die gelowige nie-blanke sal nie so optree soos in die Kongo nie want dié was slegs 'n speelbal in die hande van Satan.

# DIE GEREFORMEERDE SENDING-KERK, GROENWATER

„Hierdie plek se naam is Groenwater. Waar water is, is lewe, is dit groen. Waar water is daar groei alles. Jesus Christus het vir die Samaritaanse vrou gesê: Ek is die water van die Lewe. Elkeen wat drink van die water wat Ek hom sal gee, sal in ewigheid nooit dors kry nie.

In hierdie huis sal van nou af daardie water te kry wees: die water van die Lewe wat alles groen maak, wat laat groei, wat lewe gee in die dooie hart van 'n sondaar".

So het oudl. Gert Venter gepraat toe hy die voordeur van die kerkgebou op Groenwater namens die Sendingkommissie van die Gereformeerde Kerk van Postmasburg oopgesluit het. Hierna het hy die sleutel aan die Kerkraad van Groenwater oorhandig.

Gereformeerde sendingwerk in Groenwater dateer sedert 1955 toe onder leiding van ds. J. Ligthelm die aanvoorwerk gedoen is. In Desember 1957, die 27e, kon deur die genade van ons troue Vader 'n gemeente gestig word.

Die begin was maar klein: agt belydende lidmate met een ouderling en een diaken. Nou, na twee jaar, tel die gemeente reeds ses en twintig belydende en negentien dooplidmate, benewens 'n aantal wat nog gekatkiseer word. Tans is daar twee ouderlinge, Jan en Frans Rooibaadjie, en een diaken, James Smith.

Daar was groot blydskap op Groenwater die 30e Januarie 1960 toe die kerkgebou in gebruik geneem is. Ds. D. C. S. van der Merwe het die feesrede gehou: daar is baie die Evangelie in hulle eie taal te soorte blomme. As mens blomme plant, plant jy elke soort in 'n aparte beddinkie. Tog is almal mooi en elkeen het sy deug. In die tuin van die Koninkryk is daar ook baie soorte blomme in baie beddings. Wit en bruin het elk sy werk en elk sy plek. 'n Mens kan nie van 'n turksvy 'n perske maak nie. Maar altwee is nuttig. Die blanke en die Bantoe moet altwee lewe en almal moet die evangelie hoor, elkeen in sy eie taal. Hierdie gebou is bedoel vir die nie-blankes om hoor en om God in hulle eie taal en omgewing te dien.

Moruti Simon Siadire het die voorbereidingsdiens sowel as die Nagmaalsbediening waargeneem.

Daar is nou iets gedoen op Groenwater. Veel meer is daar nog te doen. Ons troue Verbondsgod sal ons steeds seën in die uitvoering van die opdrag: Gaan dan heen . . . ! En sy Gees sal ons leer en lei in alle waarheid.

I. C. J. Minnaar.

# *DIE PLEK VAN DIE BANTOE-MOEDERS IN DIE KERK.*

Aangesien dit miskien tot enige nut kan dien wil ek graag gebruik maak van die aangebode geleentheid om iets van my aandeel in die vrouebeweging in die kerk onder die Bantoes te vertel.

Nog baie meer as op Siloam was ons sending in die lokasies van Johannesburg en omgewing, waar ons in 1951 met sendingwerk begin het, afhanklik van die ondersteuning en persoonlike getuienis van die naturellevrouens, en die eerste entoesiaste vir ons nuwe sendingwerk hier was dan ook enkele vrouens, onder wie daar ook ware juwele en leidsterfigure was. Ek het dadelik begin om by hulle aansluiting te soek en ons het gereeld vergader. Na verloop van tyd was daar etlike vrouelidmate op verskillende plekke. Maar toe het die moeilikheid begin. Terwyl ons op Siloam probeer het dat die getroude vrouens of moeders van die kerk, soos hulle genoem is, in 'n netjiese swart rok gekleed hulle eie vergaderinge asook die kerkdienste moes bywoon, veral met nagmaalgeleenthede, moes ons nou hier op Johannesburg vind dat enkele vrouens, wat van verskillende kerke en selfs sektes by ons aangesluit het en reeds 'n eie kerklike kleredrag gehad het, ons weeklikse byeenkomste gekleed in hierdie kleredrag, bywoon, en in een wyk van ons gemeente het byna al die vrouens 'n sekere sekte se kleed gedra. Hiercor was etlike van die vrouens baie ontsteld, veral toe hulle moes verneem dat op 'n ander plek ook 'n sektariese kleed gedra word. Is ons dan nie gereformeerd nie? so het hulle gevra, en ander het ons daarvan beskuldig dat ons hulle in 'n sekte ingelok het.

Nog 'n ander moeilikheid was dat dit in die vergaderings dikwels baie onordelik toegegaan het. As een van hierdie vroeëre sekte-aanhangers begin praat dan loop dit uit op 'n geskreeuery en gehuilery en gebiddery dat die aarde wil vergaan en dat my siel ineenkrimp van radeloosheid.

Hier moes met groot takt, beslistheid maar ook met wysheid en oorleg opgetree word. My man kon my nie veel help nie, want 'n man verstaan nie altyd 'n vrou en nog minder 'n Bantoevrou nie.

Hier moes tot 'n sekere mate aangepas word en van stap tot stap moes gevorder word op die regte weg. Na langdurige bearbeiding en samesprekings het alles meer ordelik verloop, en dit het 'n gewoonte geword dat nadat 'n onderwerp behandel is, twee of meer vrouens benoem is om ook iets te sê, maar hulle moes hulle by die onderwerp bepaal. Ons het probeer om die vergaderings so aantreklik moontlik te maak en nogtans 'n Bantoe-atmosfeer te behou maar ook om die verrigtinge in 'n gereformeerde rigting te stuur.

Maar die kwessie van die kleed en die vraag oor wie die vergaderinge kon bywoon was moeiliker. Hier kon ek probeer om my wil op hulle af te dwing en alles te reël soos ons dit in ons blanke

gemeentes het. Maar ek het van die staanspoor af gevoel dat dit onmoontlik was. Dit sou op 'n breukspul afloop. Ons het gestaan voor 'n baie ernstige krisis in ons sending. As dinge hier moes misluk, dan was, menslik gespreek, die verdere deurgang onder die naturelle vir ons gesluit en sou dit baie ernstige reperkussus vir ons hele sendingwerk gehad het, wat oral, maar veral hier, nog so in sy beginstadium was.

Al wat my te doen staan was om hulle medewerking te verkry. Hulle moes self uit eie wil en vrywillig besluit. Hulle moes uit oortuiging handel. Dit het by my vasgestaan. Ek kon nie my wil op hulle afdwing nie maar ek moes sover moontlik probeer om hulle in die regte rigting te lei.

Van een ding wou hulle glad nie afsien nie en dit was die kleed. So het hulle besluit en daarby moes ek my neerlê, ook na raadpleging van vrouens van ander gemeentes.

Maar wat was my blydskap groot toe almal na langdurige en herhaalde samesprekings tot die oortuiging gekom het dat die enigste uitweg is dat ons 'n kleredrag moes ontwerp wat hulle as gereformeerde vrouens onderskei.

Ek het sover moontlik probeer aansluit by die swart kleredrag van die vrouens van Siloam, en toe ek uiteindelik gereed was en in angstige afwagting op hulle reaksie daarmee te voorskyn kom en een van hulle daarin klee het daar 'n groot gejuig van blye instemming opgegaan. 'n Blydskapsbetuiging wat vandag nog steeds vir my 'n soete herinnering is.

En, soos dit gebruiklik is by die Bantoe met sulke belangrike geleenthede, daar moes nou iets gesê word deur een van die vrouens wat leiding geneem het. Sy moes namens hulle 'n gepaste redevoering hou om hulle gevoel uit te druk. Maar soos dit hulle manier is, dit kan eers gebeur nadat die nodige stemming deur gesang verwek is. En een van hulle het toe die woord geneem en in 'n netjiese toespraak die geleentheid besing. Die volgende woorde van haar klink my nou nog in die ore: „Soos elke voël sy kleure en vlerke het, so wil ons ook 'n eie kleredrag hê om van die ander kerke en sektes uitgeken te word."

Maar daar was nog 'n verdere moeilikheid wat op ons gewag het. Nou moes die kleed in gebruik geneem word en almal wat aansluit moet gekleed word. Van hierdie gebruik wou hulle onder geen omstandighede afsien nie. Die kleed moes geseën word. Hier het ons voor 'n byna onoorkomelike moeilikheid te staan gekom. Vir so iets was ons geensins te vind nie. Maar weer moes ek maar oortuigingswerk probeer doen, sonder om sake af te dwing. Daar was toe al meer as 60 vrouens wat die vergaderings gereeld bygewoon het en hulle was sò gewillig en entoesiasties en ons almal was dikwels sò diep onder die indruk van die nabyheid van die Here. Moes die werk nou skipbreuk lei oor iets wat vir ons blankes so 'n nietigheid maar vir hulle tog van soveel betekenis is?

Maar ook hierin was die Here met ons en het Hy aan ons die weg gewys. So glo ek altans tot vandag toe en so sal ek bly glo my hele lewe lank.

Weer was almal tevrede met hierdie uitweg wat daarop neergekom het dat by aansluiting die kleed onder generlei wyse geseën mag word nie maar dat inteendeel met die geleentheid baie nadruklik daarop gewys moet word dat die kleed self van geen krag of besondere betekenis is nie. Wel moet gevra word die seën vir die draagster van die kleed waarna sy dan gekleed moes word.

In sekere opsigte het ons dus nou 'n vereniging en nie 'n ope vergadering vir alle vroulike lidmate gekry nie. Maar wat die leiding van die vergadering betref, is dit nie toevertrou aan 'n verkose bestuur nie, want vir elke afsonderlike groep in die verskillende wyke is een van die vrouens aangewys om die leiding te neem, waar moontlik met die hulp van twee ander vrouens, wat ook daarvoor aangewys is met approbasie van die ander vrouens. So is dit tot vandag toe. Dit kom dus daarop neer dat komitees en nie besture die leiding neem.

Nou sal daar miskien gesê word dat ons te veel toegegee het wat betref die kleredrag en die toelating tot die vergaderinge of verenigings. As dit so is dan lê dit op ons weg om in 'n baie versigtige optrede hulle hiervan te oortuig en om hulle samewerking te verkry vir verdere verbeteringe. Dit is *hulle* kerk en *hulle* vergaderinge en *hulle self* moet oor sake besluit. Ons kan nie ons begrippe en gewoontes op hulle afdwing nie. Tensy ons heeltemal vas daarvan oortuig is dat hulle teen die Woord van God handel, mag ons ook nie probeer om hulle te beweeg om *ons* weg in alles te volg nie.

Dat hierin die verkeerde weg aangedui is, kan ons egter nie aanneem nie, en is duidelik vir elkeen wat die mentaliteit en gewoontes van die naturelle verstaan.

Hieroor kan baie gesê word. Maar hier wil ons net daarop wys dat in die Bantoe-lewe die moeders van die stam 'n eie en afsonderlike posisie beklee, en waar die nuwe lewensverband met Christus en die wyere verband met christene veral vir die vrouens so 'n diep ingrypende verandering tot 'n lewe van vryheid meebring, wil hulle ook nou *as moeders in die kerk van Christus erken word en 'n eie posisie beklee*. Hulle wil as moeders hulle plekke in die kerk volstaan — as moeders wat waak oor die geestelike belange van hulle kinders, wat op mekaar toesig hou en mekaar versterk op die nuwe lewensweg; moeders wat ook die werk van hulle kerk en die koninkryk van God wil bevorder, moeders wat 'n lig moet wees en wat ook moet bid vir die volk van God en sy koninkryk. Hulle is christelike moeders en daarom wil hulle ook optree as sulke moeders, en hulle moet dan ook tot selfs in hulle kleredrag onderskei word as die moeders van die kerk, en teenoor die wêreld daarbuite wil hulle hulself openbaar as *moeders van die Gereformeerde kerk.*

Daarom kan hulle nie toelaat dat jong mense en enige nuweling sommer by hulle aansluit nie, maar daarom wil hulle ook geen vrou uitsluit wat die nodige belangstelling toon nie. En in al hulle optrede wil hulle hulle onder die leiding van hulle kerkraad stel.

Die voorstelling by ons dat hierdeur twee klasse in die kerk geskep word, die een bestaande uit die meer vromes en die ander uit die minder vromes, geld nie by hulle nie. By hulle is daar heeltemal 'n ander onderskeiding, hulle is maar net die moeders van die kerk. En as die onderskeidende kleredrag en die opname in hierdie gemeenskap moet wegval, dan kom dit volgens hulle daarop neer dat hulle nie as moeders erken word en eintlik geen plek in die kerk het nie.

Deur bogenoemde en my latere ondervinding met die opleiding van die naturelle-predikantsvroue en in ander werk i.v.m. die sending het ek die volgende geleer wat blywende indrukke by my is:

a) Veral die vrouens is die krag en steun in die sending en die sendingkerk.

b) As hulle teenstand eers opgewek is kom daarin tot uiting 'n onversetlike en ontplofbare krag.

c) Met verstandige en simpatieke leiding is hulle vatbaar vir oortuiging.

d) Daar is pragtige en intelligente en entoesiastiese leiersfigure onder hulle.

e) Alleen dié blankes se leiding sal gevolg word wat probeer om op 'n simpatieke wyse hulle probleme te verstaan en in hulle denkwêreld in te lewe; wat steeds hulle samewerking soek en nie dinge wil afdwing nie; wat oortuigingswerk wil doen en graag sien dat die naturelle iets uit oortuiging en vrywillig doen; wat met hulle die regte weg soek en die nodige rigting en leiding gee.

M. C. du Plessis.

---

## *'N VOORBEELD VAN 'N ZULU-PREEK.*

Om te illustreer hoe dat die christelike Bantoe hulle eie relasie tot die begin sien, gee B. Sindkler in sy nuwe werk *The Christian Ministry in Africa* die volgende voorbeeld van 'n preek deur die Zulu-prediker M. Myobe, wat vir ons blankes miskien al te realisties sal klink.

Dit was 'n preek by die kerkhof op 'n Paassondag. Die prediker het gehandel oor die opstandingshoofstuk in Es. 37, en hy het begin om te beskrywe hoe God in die begin die hemel en die aarde geskape het en die see en die diere — en die mens. Daardie mens het Hy na sy eie beeld gemaak. Maar Adam het in die sonde geval, en deur die sonde van Adam het dood en ellende in die wêreld gekom. Maar desnietemin, hy was Adam en met sy dood is hy na die paradys gebring. Daar het hy 'n ereplek ontvang, waar hy alleen gaan sit het op 'n balkon, en vanaf die balkon in die hemel volg hy die geskiedenis van die mensheid. Hy sien sy oudste seun Kaïn vermoor sy broer Abel. En Adam moes daar op sy geëerde plek op die balkon in die hemel uitroep: *Icala lami, icala lami elikhulu!* (My skuld, my groot skuld!)

En toe kom die sondvloed! Die mense het God vergeet en voortgelewe in die sonde. Toe begin die onderste oerwaters na boontoe styg. Die mense het probeer om dit

te ontvlug en het daarteen skuiling gesoek, maar hulle is spoedig ingehaal; Adam hoor ook kinders huil en hy sien mans en vrouens in vrees en wanhoop maar alles tevergeefs. En Adam — daar in die paradys — moes oorweldig deur droefheid uitroep: *Icala lami, icala lami elikhulu!*

So laat die prediker voor sy gemeente in Natal en voor Adam in die paradys die Ou Testamentiese openbaringsgeskiedenis soos 'n film afrol. Selfs Dawid, die gesalfde koning val in die sonde — vir Adam se skuld. Geslag na geslag word op aarde gebore net om te sondig en te sterf — vir Adam se sonde.

Julle Zulu's, so roep die prediker uit, dink aan daardie swaar las van droefheid op die hart van ons groot voorvader Adam! Lyde en droefheid op aarde en alles vir sy sonde.

Maar — Zulu's, manne en vrouens, *Yekanini, lentokoyo engakanani!* Dink aan daardie ongeloof-like blydskap, daardie onbeskryflike jubeling wat Adam se hart vervul het op die eerste Paasmôre, toe die Held van die Hemel *(ghawe la sezuluwini)* deur die Hek van die Hemel ingegaan het en met sy Kroon van dorings, nou 'n skitterende Kroon van Oorwinning, langs die middelgang in die hemelse Tempel reguit na die Troon van die Almagtige loop. Daar doen Hy verslag dat vanaf hierdie dag Satan en Sonde en Dood oorwen is, want Hy, die tweede Adam het die oorwinning behaal.

En van toe af het Adam vrede gehad.

# SAMESPREKINGS MET NIE-BLANKES.

Ons sal moet leer om die sienswyse van die nie-blankes in aanmerking te neem. Ons weet miskien wat onsself wil hê maar weet ons ook wat die christelike nie-blankes dink en hoe hulle sake sien?

Wat is die christelike oplossing van die nie-blanke probleme? Is dit soos ons blankes dit sien? Is dit die beskouing van die blanke christendom of die blanke gereformeerde christendom? Dan is dit nog maar net die sienswyse van die blanke gereformeerdes of ander blanke christene.

Die nie-blankes moet geraadpleeg word en daar moet samesprekings met hulle plaasvind, nie net sodat ons daardeur te wete kan kom wat hulle dink om so beter in staat te wees om 'n eie oordeel te vorm, maar veral sodat gehoor word die stem van die christendom soos dit verteenwoordig is onder blankes èn nie-blankes. Ons is nog te veel geneig om die nie-blankes slegs as objekte te sien vir wie ons dink en handel. Ons moet leer om saam met hulle te worstel om die weg te vind in die baie rasseprobleme. En die stem van die *een* christendom van gelowiges uit die nie-blankes èn uit die blankes moet gehoor word.

Ons is dankbaar dat daar reeds samesprekings van enkele van ons predikante en ander met leidende nie-blankes plaasgevind het. Dit is nodig dat daar ook op hierdie en ander maniere brugge gebou word, dat daar kontakte gemaak word,

maar dan moet daar ook in alles gebuig word vir die Woord van God en nie vir persoonlike of rassevoordele nie en eiesugtige belange nie. Ook die nie-blankes moet hulle mense die christelike weg aanwys en getuig teen rassehaat teen die blankes.

Ons word geroep om in hierdie tyd die grense oor te steek en te leer dat die kleurverskille, hoe belangrik dit ook is, nie vir 'n gelowige die allesbeslissende kan wees nie. Die geloof en nie die ras nie moet die groot skeidslyn in die lewe vorm. Maar dit wil nie sê dat daarmee die grense uitgewis moet word nie. Inteendeel, ware eenheid is alleen moontlik met die erkenning en eerbiediging van die natuurlike grense.

Verder moet dit nie net by samesprekings in geslote kringe bly nie waarvan niks verder verneem word nie. Die christelike stem moet ook *gehoor word*. Dit is wat ons nodig het in Suid-Afrika.

H.d.P.

---

# MORUTI OTNIËL MOTSOANE.

Op Sondag 17 Julie 1960 is op Wildebeespan, distrik Stilfontein, moruti Otniël Motsoane skielik oorlede. Hy was ongeveer sestig jaar oud en het slegs bietjie meer as twee maande as predikant gedien. Gebore op Heilbron, O.V.S., is hy as evangelis opgelei in die N.G. Stofbergskool. Hy het agttien jaar lank as evangelis in die N.G. Kerk gedien, respektiewelik op Harrismith, Lichtenburg en Ventersdorp. Deur hartmoeilikheid moes hy aftree in 1958, en het hy by sy kerk en die plaaslike sendinggemeente die mees eervolle ontslag ontvang as 'n getroue en eerbiedwaardige dienskneg van sy God.

Aangesien dit egter steeds sy ideaal was om predikant te word, het hy, nadat sy gesondheid weer heeltemal verbeter het, by die Gereformeerde kerk aangesluit en as helper diens aanvaar op Wildebeespan, terwyl hy elke week na Dube gegaan het om hom as predikant te bekwaam op sy oudag. In sy werk en in sy studie het hy steeds die bewondering en liefde van almal gewek. Op 30 April 1960 is sy lewensideaal uiteindelik in vervulling gegaan toe hy as predikant bevestig is op Wildebeespan deur moruti J. Matlakala. Hy het 'n mooi sterk gemeentetjie opgebou deur die seën van die Here, en sy skielike heengaan is deur almal baie sterk gevoel.

Die begrafnis het op Ventersdorp plaasgevind en is waargeneem deur moruti J. Matlakala, terwyl dr. Kritzinger namens die N.G. Kerk die woord gevoer het en prof. dr. J. H. Coetzee namens die Geref. Sendingkommissie van Potchefstroom-Klerksdorp-Stilfontein. 'n Groot menigte van sy eie mense het aan hom die laaste eer bewys.

Hoewel kort in die Gereformeerde kerk, het moruti Motsoane alte seker sy merk gemaak en bouwerk verrig wat seker lank sal staan. Sy beskeie, maar besliste geaardheid, en sy ywerige pligsgetrouheid het hom alom bekend en bemind gemaak. Ons innigste meegevoele gaan ook uit na sy weduwee en kinders. D. C. S. van der Merwe.

# OPLEIDING VAN BANTOES VIR HALFGESKOOLDE WERK.

In 'n artikel in *Volkshandel* word die posisie van die Bantoe soos dit beïnvloed word deur immigrasie, geskets deur dr. D. M. Marais. Hy wys daarop dat die opvoeding van die Bantoe in 'n verkeerde rigting beweeg aangesien dit te veel toegespits is op wat ons kan noem akademiese opleiding en kwalifikasie vir beroepe wat nie vir hulle bestaan nie. Ons kry dus 'n betreklike groep geleerde en halfgeleerde Bantoes wat as gevolg van frustrasie maklik die prooi van agitators kan word. Hy sê verder dat ons opvoedingsstelsel vir die Bantoe baie meer daarop toegespits moet word om hierdie mense te kwalifiseer vir halfgeskoolde werk.

Vir die volgende 10 jaar sal *jaarliks* 'n minimum van ongeveer 90,000 nie-blankes op die arbeidsmark geplaas word. Kwalifikasies van die Bantoe as vakman in plaas van 'n halfgeleerde is na sy opinie die enigste oplossing.

Sabra berig dat behalwe die 2,500 gekwalifiseerde Bantoe-onderwysers in die Unie daar in die professionele klas 49 prokureurs, 67 bibliotekarisse, 81 geneeshere, 73 geoktrooieerde rekenmeesters, 176 laboratorium-assistente en 61 skeikundige ontleders is.

As ons hierdie gegewens van naderby beskou dan voel ons geneig om saam te stem dat ons opvoedingsstelsel vir die Bantoe hersiening verdien.

H. B. van der Walt.

---

# 'n Teken van vooruitgang.

Op die sendingklassis wat in September te Benoni vergader het was daar 34 sendinggemeentes verteenwoordig en vir die eerste maal het die hele buro net uit Bantoes bestaan terwyl enkele blanke leraars die vergadering bygewoon het in adviserende hoedanigheid.

# LIGSTRALE OP DIE LEWENSPAD

(deur mev. M. C. du Plessis)

Prof. Hy du Plessis sê in die voorwoord: „Die verskillende artikels van hierdie geskrif, wat die vrug is van die oorpeinsing en verwerking van die gelesene uit baie geskrifte, is oorspronklik op een of ander tyd gedurende 'n toegewyde, inspirerende en ryke sendingervaring van meer as dertig jaar aan die vrouens van nie-blanke teologiese studente of aan ander nie-blanke vrouelike lidmate in hulle vergaderinge voorgedra waarna dit deur hulle bespreek is, om waarlik ligstrale te wees in hulle lewe wat dikwels so sonder lig en troos is."

Dit bestaan uit kort stukkies met temas wat aansluit by tekste soos bv.: *Hoe kan ons die Here Jesus leer ken?* Matth. 10 : 17-24. *Julle is die lig van die wêreld.* Matth. 5 : 13-16. *Laslappies.* Sag. 4 : 6-10. *Hoe 'n vrou wat groot sonde gedoen het die Here Jesus leer ken het.* Joh. 4 : 1-19. Verder oor: *Kersfees*, *Paasfees*, *Hemelvaart* en die *Wederkoms*, e.d.m.

Dit is eenvoudig en bevatlik geskrywe, op so 'n wyse dat nieblankes dit sal verstaan. Dis in die eerste plek vir hulle bedoel. Dit verskyn ook in Tswana. Wat 'n goeie geleentheid om dit vir die bediendes ter hand te stel. Maar dit kan ook met veel seën deur blankes gelees word.

Dit word op 'n keurige wyse aangebied. Die passende tekeninge verhoog die waarde daarvan en trek dadelik die aandag. Dis net jammer dat die naam en adres van die uitgewer op die voorblad van die buiteblad verskyn. Dis Vanderspoel-drukkery (Edms.) Bpk., Bus 371, Potchefstroom. Dis verkrygbaar by mev. prof. H. du Plessis, Teologiese Skool, Potchefstroom of by die uitgewer. Die prys is 4/6 per eksemplaar of 3/6 per eksemplaar vir 12 en meer.

J.L.V.

Gedruk deur:
POTCHEFSTROOM HERALD (EDMS.) BPK.
Posbus 156, Potchefstroom



## TUMELO EA BAKRESTE

**(Geloofsleer van die Christene)** word uitgegee deur die **Sinodale** Sendingdeputate. Dit **bevat onder** andere hoofstukke oor **Christelike** Geloof (Tumelo) Koninkryk van God (Muso oa Molimo), Koninkryk vir nuwe mense, armes van gees, ens.

**Prys 5/6**

**Opgestel in SOTHO**

**deur**

Ds. Hugo Du Plessis



**MET DIE KOMPLIMENTE VAN**

# NEWCLARE SMELTING WORKS (EDMS.) BPK.

**LEWERANSIERS VAN**
**YSTER- EN STAALPRODUKTE**

Eloffstraat Uitbreiding 204

JOHANNESBURG

Tel. 33-0951/5 — Posbus 2482

**Collection Number:** **AD2533**

**Collection Name:** **South African Institute of Race Relations, Collection of publications, 1932-1979**

***PUBLISHER:***

*Publisher:* **Historical Papers Research Archive, University of the Witwatersrand, Johannesburg, South Africa**
*Location:* **Johannesburg**
**©2017**

***LEGAL NOTICES:***

**Copyright Notice:** All materials on the Historical Papers website are protected by South African copyright law and may not be reproduced, distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

**Disclaimer and Terms of Use:** Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

This collection forms part of the archive of the South African Institute of Race Relations (SAIRR), held at the Historical Papers Research Archive, University of the Witwatersrand, Johannesburg, South Africa.